# KOSTEASPEK VAN DIE SKOOL VIR REKENINGKUNDE AAN DIE TECHNIKON WITWATERSRAND

deur

JOHANNES GEORGE NEL

Verhandeling aangebied ter gedeeltelike voldoening (60%) vir die vereistes vir die Graad Magister Commercii (Bedryfsrekeningkunde) in die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Studieleier: Professor A J E Sorgdrager

Johannesburg
November 1983

## VOORWOORD

'n Technikon lewer 'n belangrike "produk" aan die gemeenskap. Hierdie "produk" is 'n student wat optimaal opgelei is om die bedryf wat hy as loopbaan uitgekies het met vrug te beoefen. Skynbaar is 'n opvoedkundige inrigting 'anders' as 'n fabriek waar koste ter sprake kom, maar die beginsels van Kosteberekening en Bestuursrekeningkunde is net so van toepassing as in die bedryf waar 'n fisiese produk gelewer word.

Omdat Technikons ook met dië belangrikste produksiefaktor, naamlik die mens, te doen het is dit noodsaaklik dat die gehalte van akademiese opvoeding nougeset beheer word. 'n Kostestelsel wat gepaard gaan met die toepassing van bestuurstegnieke is onontbeerlik en hierdie studie is aangepak met die doel om te bepaal hoe die stelsel van koste/bestuur wat toegepas word daar uitsien en hoe dit verbeter kan word.

Die studie sal vir die bestuur en personeel van Technikons waardevol wees en kan lei tot 'n vrugbare debat.

Graag wil ek my dank uitspreek teenoor prof A J E Sorgdrager vir sy besondere belangstelling en hulp met hierdie studie.

My dank gaan ook aan:
Mnr P J C S Bekker, Assistent-direkteur van die Skool vir Rekeningkunde aan die Technikon Witwatersrand vir die inligting en hulp wat ek van hom ontvang het.
Mnr P du Plessis, Assistent-registrateur Finansies van Technikon Witwatersrand vir sy bydrae tot die studiestuk.
Dr E Mischke vir sy bydrae, raad en steun wat ek van hom ontvang het.

Mnr J G Benade, Adjunk-direkteur van Technikon Witwatersrand vir die toestemming om die studie aan die Technikon te kon voltooi.

# INHOUDSOPGAWE


| | | |
|---|---|---|
| | Lys van Tabelle | 1 |
| | Lys van Bylaes | 2 |
| Hoofstuk 1 | Doelstelling van Studie | 3 |
| Hoofstuk 2 | Ontstaan en Ontwikkeling van Technikons | 7 |
| Hoofstuk 3 | Bestaande Bedeling van Kosteberekening aan Technikons en aan die Skool vir Rekeningkunde | 24 |
| Hoofstuk 4 | Vergelykende Studie Tussen die Privaatsektor en 'n Technikon | 46 |
| Hoofstuk 5 | Voorgestelde Kostestelsel vir 'n Skool vir Rekeningkunde aan 'n Technikon | 66 |
| | Summary | 80 |
| | Bronnelys | 81 |
| | Bylaes | 83 |

## LYS VAN TABELLE

Tabel 1 : Kollegegroei 1925 tot 1938.

Tabel 2 : Belading van Kursusse.

Tabel 3 : Chart of Factory Cost Accounts.

Tabel 4 : Partial Organization Chart and Organizational Account Codes.

## LYS VAN BYLAES


Bylae 1 : Wet 84 van 1983. Wysigingswet op Gevorderde Tegniese Onderwys 1983.

Bylae 2 : Wet 40 van 1967. Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys.

Bylae 3 : Wet 43 van 1979. Wysigingswet op Gevorderde Tegniese Onderwys.

Bylae 4 : Chart of Factory Cost Accounts.

Bylae 5 : Partial Organization Chart and Organizational Account Codes.

Bylae 6 : Aansoek om Aanbieding van Deeltydse Kursus.

Bylae 7 : Verslag oor Aanbieding van 'n Kortkursus.

Bylae 8 : Begrotingstaat - Skool vir Rekeningkunde en Elektroniese Dataverwerking.

# HOOFSTUK 1

## SINOPSIS

Dié hoofstuk dien as inleiding tot die studie wat aangepak word en daarom word hier aangedui wat die probleme is wat aanleiding gegee het tot die studie. Daar word ook hier aangetoon hoe die hoofstukke ingedeel sal word, asook die metode van aanhaling word bespreek.

INHOUD

1.1 INLEIDING 5

1.2 DOELSTELLING VAN STUDIE 5

1.3 INDELING VAN DIE STUDIE 6

## 1.1 INLEIDING

- Die doeltreffendheid of gebrek daaraan in bestuur beïnvloed die handel en die inflasie wat vandag in die land heers. In baie gevalle maak bestuur staat op praktiese ervaring. Hierdie praktiese ervaring is baie waardevol, maar dit kan sonder twyfel aangevul word deur die teoretiese kennis van bedryfs- en bestuursrekeningkunde. Dit is die plig van opleidingsinrigtings om hierdie kennis te verbreed en om die voordele wat vloei uit die toepassing van goed-deurdagte stelsels en prosedures te demonstreer.

## 1.2 DOELSTELLING VAN STUDIE

- Om te bepaal of en hoe die beginsels van bedryfs- en bestuursrekeningkunde wel toegepas word op die vlak van 'n Technikon en meer spesifiek in 'n Skool vir Rekeningkunde. Die huidige stelsel word ondersoek, ontleed en uiteindelik hersaamgestel om by die behoeftes van die onderneming te pas. Dit word veral as baie belangrik beskou dat daar die korrekte kontrole toegepas sal word omdat die Technikon met mense werk en daarom besonder blootgestel is aan onreëlmatighede. Verder is dit ook die doel van die studie om aan 'n Skool vir Rekeningkunde 'n eie begrotingswyse in te stel wat goed vergelyk met die privaatsektor maar tog nog eie is aan 'n Technikon. In hierdie verband word bepaald gedink aan kapitale begrotings sowel as aan bedryfsuitgawes waarvoor begroot moet word. 'n Goeie begroting-

stelsel is onontbeerlik in enige besigheid en hierdie aspek sal dan ook besondere aandag geniet in die studie.

## 1.3 INDELING VAN DIE STUDIE

Hoofstuk 2 bevat volledige inligting van die ontstaan en agtergrond van Technikons in die algemeen. Dit bevat ook 'n bespreking van die nuwe wet op Technikons wat eersdaags in werking tree. Ook in die hoofstuk word die veld van bespreking vernou tot die huidige stelsels wat by Technikons in werking is en hoe die stelsels sy bestaande "mark" ontgin en uitbou.

In hoofstuk 3 word 'n in-diepte studie gemaak van die begrotingstelsel huidiglik in werking asook hoe fondse verkry en aangewend word.

Hoofstuk 4 lewer in teenstelling met die stelsel in hoofstuk 3 bespreek 'n agtergrondstelsel van begrotings aan die privaatsektor. 'n Vergelyking tussen die twee stelsels lewer vele verskille wat kortliks aan die einde van die hoofstuk behandel word.

Om die studie mee af te sluit word daar in hoofstuk 5 getrag om 'n alternatiewe begrotingstelsel daar te stel wat waarskynlik beter aan die behoeftes van 'n Skool vir Rekeningkunde sal voldoen en tog nog kosterekeningkundig verantwoordbaar is.

# HOOFSTUK 2

## SINOPSIS

In dié hoofstuk word die ontwikkeling van die technikons nagespoor vanaf die vroegste stadium van ontwikkeling tot en met die nuutste wetgewing van 1983 wat 'n nuwe wending gegee het aan 'n tradisie wat oor dekades strek. Verder gaan aangetoon word wat die wese en struktuur van 'n technikon is asook die interne indeling van technikons in verskeie skole wat sekere vakrigtings aanbied.

INHOUD


| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | INLEIDING | 9 |
| 2.2 | ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN TECHNIKONS | 9 |
| 2.3 | NUWE ONTWIKKELING AAN TECHNIKONS | 14 |
| 2.3.1 | Wet 40 van 1967 | 14 |
| 2.3.2 | Wet 43 van 1979 | 16 |
| 2.3.3 | Wet 84 van 1983 | 16 |
| 2.4 | SAMESTELLING VAN 'N TECHNIKON | 18 |
| 2.4.1 | Wetlik | 18 |
| 2.4.2 | Interne indeling | 20 |
| 2.5 | PLEK EN ROL VAN DIE SKOOL VIR REKENINGKUNDE | 21 |

# HOOFSTUK 2

## 2.1 INLEIDING

Om die studie wat aangepak word in 'n beter perspektief te kan plaas is dit nodig dat daar 'n oorsig gegee word van hoe en waaruit die betreklike nuwe idee van technikons ontstaan het. Mense hoor, lees en praat feitlik daagliks van technikons maar is hulle werklik bewus van wat die term eintlik beteken? Behalwe dat die breë omvang van dié begrip vaag is, is die binnewerking van dié instellings 'n nog groter raaisel. In dié hoofstuk is dit dan ook die doel om sover moontlik hierdie onkunde wat bestaan oor technikons ietwat op te klaar en later in die ander hoofstukke 'n meer in-diepte studie aan te bied van sekere aspekte van die werksaamhede van 'n technikon.

## 2.2 ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN TECHNIKONS

Die ontstaan van 'n werklike technikon soos ons dit vandag ken het nie lank gelede begin nie, maar dit is in elk geval slegs 'n naamsverandering van 'n instelling wat al jare besig was om tersiêre opleiding aan te bied. Een van die inrigtings wat later 'n technikon geword het en as een van die eerste tersiêre inrigtings bekend was, is die Witwatersrand Technical College.

Neem ons nou die Witwatersrand Technical College as 'n voorbeeld van hoe technikons tot stand gekom het, kan die volgende interessante aspekte van hulle ontwikkeling uitgelig word:

In Julie 1896 word die "South African School of Mines" van Kimberley gemagtig om 'n deel van die opleiding van myningenieurs in Suid-Afrika aan te bied. Die voorwaarde is dat twee jaar se primêre wetenskaplike opleiding deur die "South African College" in Kaapstad of deur ander kolleges in Suid-Afrika gedoen word alvorens die derde jaar in Kimberley en vierde jaar, om die kursus te kon voltooi, in Johannesburg gedoen word.

In 1897 organiseer die Skool van Mynwese dan ook verskeie ander klasse in ander departemente van tegniese werk wat ook deur die publiek en vakleerlinge van De Beers Maatskappy bygewoon word. Die klasse kan dan ook met reg beskou word as die eerste klasse waar studente vir eksamen voorberei word deur 'n publieke owerheid naamlik die Departement van Onderwys aan die Kaap.

Met die oorplasing van die Skool van Mynwese na Johannesburg in 1903 om die "Transvaal Technical Institute" te stig, het die stelsel van aandklasse, wat suksesvol in Kimberley was, verder tot sy reg gekom. Die klasse word hoofsaaklik deur personeel van die Instituut aangebied en word verder uitgebrei na verskeie sentra in die Witwatersrand.

Aandklasse word ook hoofsaaklik aangebied deur ander opvoedkundige instellings soos die "Transvaal University College", "The University College Johannesburg" en "The University of the Witwatersrand" totdat daar in 1923 met Wet nommer 30 op Hoër Onderwys die moontlikheid geskep is vir plaaslike komitees om met aanskakelende klasse erkenning te verkry deur die Unie Onderwysdepartement. Dit het gelei tot die Tegniese Onderwysraad

by die Universiteit van Witwatersrand in November 1923. Die doel van die Raad was dan ook om die klasse wat in Johannesburg gehou word te kontroleer en te organiseer. Daar word ook deur die Raad die nodigheid aangevoel vir studies van 'n meer algemene aard soos Musiek en Kuns.

Teen die einde van 1924 word met die Transvaalse Onderwysdepartement ooreengekom dat klasse wat tot nou toe in Johannesburg en Oosrand aangebied is. deur die Tegniese Onderwysraad beheer en geadministreer sal word.

In die "Government Gazette" van 15 Mei 1925 word die Witwatersrand Tegniese Instituut onder die Hoër Onderwyswet Nommer 30 van 1923 verklaar as 'n plek van hoër onderwys. Dit het tot gevolg gehad dat vanaf 1 Januarie 1926 dagklasse wat aan verskeie skole in en om Johannesburg aangebied is, toegewys is aan die Witwatersrand Tegniese Instituut. Met ingang Maart 1930 word die naam van die Instituut gewysig tot Witwatersrand Tegniese Kollege.

Een van die grootste struikelblokke van die Kollege was 'n gebrek aan akkommodasie en dit het die Kollege genoodsaak om hulle aktiwiteite na verskeie takke oor die hele Witwatersrand te verskuif. Die stap het die organisasie baie bemoeilik en altyd is maar probeer om voldoende huisvesting in die stad self te kry.

Gedurende die volgende jare het die Kollege steeds gegroei nieteenstaande die feit dat boubedrywighede aan die gang was om die gebou wat in Eloffstraat betrek was verder te vergroot. Aan die einde van September 1938 het die Kollege 22 253 studente op hulle boeke gehad

waarvan 2 811 voltydse studente en 9 281 deeltydse studente was en 10 161 studente wat onderrig op 'n korrespondensiegrondslag ontvang het. Dit is interessant om na die volgende tabel te kyk wat 'n aanduiding is hoe die Kollege gegroei het sedert 1925 tot 1938.

TABEL 1 - Kollegegroei 1925-1938

| Jaar | Aantal Voltydse Studente | Aantal Deeltydse Studente | Aantal Korrespondensie-kursus Studente | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| 1925 | - | 1 600 | - | 1 600 |
| 1926 | 1 534 | 4 756 | - | 6 290 |
| 1927 | 1 778 | 4 986 | - | 6 764 |
| 1928 | 2 057 | 5 102 | 297 | 7 456 |
| 1929 | 2 109 | 5 722 | 622 | 8 453 |
| 1930 | 2 597 | 5 703 | 2 002 | 10 302 |
| 1931 | 2 550 | 5 135 | 2 842 | 10 527 |
| 1932 | 2 497 | 4 962 | 3 748 | 11 207 |
| 1933 | 2 587 | 5 181 | 4 503 | 12 271 |
| 1934 | 2 543 | 5 722 | 5 746 | 14 011 |
| 1935 | 2 343 | 6 908 | 6 839 | 16 090 |
| 1936 | 2 569 | 7 415 | 7 881 | 17 865 |
| 1937 | 2 912 | 7 938 | 8 351 | 19 201 |
| 1938 | 3 053 | 8 643 | 9 897 | 21 593 |

Een van die aspekte van die Kollege se geskiedenis wat mens dadelik opval is die feit dat die Kollege oor die jare vanaf 1925 tot 1938 verskeie voltydse departemente bygekry het en nie meer net tot die Mynskool gebonde gebly het nie. Aangesien die medium van onderrig in dié tyd Engels was, was alle name van departemente dan ook in Engels soos die volgende opsomming getuig:

Johannesburg Day Technical and Trades School,

Johannesburg Commercial High School,

Training College & School of Domestic Science, Johannesburg,

Department of Commerce, Johannesburg,

Rand East Trades School, Benoni,

West Rand Trades School, Randfontein,

Day Technical School, Witbank,

Day Technical School, Vereeniging,

Commercial High Schools and Departments of Commerce at Krugersdorp, Germiston, Boksburg, Benoni, Brakpan, Springs, Witbank and Vereeniging,

Department of Chemistry and Pharmacy, Johannesburg,

School of Applied Optics, Johannesburg,

School of Arts and Crafts, Johannesburg,

Schools of Dressmaking and Millinery at Johannesburg, Krugersdorp, Germiston and Brakpan,

Training Course for Manual Training Teachers, Johannesburg,

Full-time one-year courses in Mining, Assaying, Metallurgy and Surveying, Johannesburg.

In 1945 word daar weer deur wetgewing 'n nuwe naam aan die Kollege gegee en verander die naam volgens Wet 38 van 1945 na Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys of sommer kortweg verwys na Kollege vir GTO. Ons moet onthou dat daar reeds op dié stadium ook ander "kolleges" was wat opleiding verskaf het en daarom was dit nodig dat by wyse van wetgewing 'n definitiese beslag gegee word aan die struktuur van die "nuwe" kolleges.

Onder die nuwe fase wat in 1945 begin is, brei die kolleges uit en verskaf dit baie noodsaaklike opleidingsfasiliteite aan die publiek wat hulle in verskeie rigtings wil bekwaam. Kursusse wat lei tot die verkryging van 'n Diploma wat deur die destydse Unie Onderwys uitgegee was of sekondêre kwalifikasies was van die hooffunksies van die kolleges. Met die totstandkoming van

die Republiek van Suid-Afrika in 1961 verander die beheerliggaam van die kolleges tot die huidige Nasionale Opvoeding maar aan die wese van die kolleges is min verander.

Die huidige naam en omstandighede van technikons word in Wet 43 van 1979 vasgelê toe bepaal is dat volgens Artikel 6 "die woord kollege oral waar dit voorkom deur die woord technikon vervang sal word". Hierdie "nuwe" bedeling tree amptelik in werking op 9 Mei 1979 en lei so 'n era in waar technikons op 'n vlak geplaas word wat opleiding betref gelykstaande aan universiteite. Daar is ook verskeie wette wat die werksaamhede en insette hier reël en beheer soos ons sal sien in die volgende aspek van die ontwikkeling.

## 2.3 NUWE ONTWIKKELING AAN TECHNIKONS

### 2.3.1 Wet 40 van 1967

Die Wet se hoofdoel is om voorsiening te maak vir die instelling van technikons, vir hulle beheer, administrasie en bestuur en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan. Soos uit die doel afgelei kan word sal dit 'n wet wees wat hom hoofsaaklik bemoei met die werkwyse wat aan 'n technikon sal geld. Vir die doel van die studie is dit nodig dat ons sekere van die artikels van die Wet uitlig en aandui wat die implikasies daarvan op 'n technikon is.

Artikel 4 - Kolleges geag kragtens Wet 'n Technikon te wees.

Volgens die wet is die volgende kolleges omskep in

Technikons en staan hulle in die toekoms bekend as:

(i) Kaapse Technikon

(ii) Pretoriase Technikon

(iii) Natalse Technikon

(iv) Witwatersrandse Technikon

(v) Vaaldriehoekse Technikon

(vi) Port Elizabethse Technikon

Die artikel maak ook voorsiening dat alle personeel wat voor die wet deel van die Kollege was na die wet nog deel van die Technikon sal wees.

Artikel 6 - Samestelling van 'n Technikon.

'n Technikon bestaan uit:

(a) die hoof van 'n technikon

(b) 'n raad

(c) 'n studieraad en

(d) die personeel en studente van 'n technikon.

Artikel 19 - Doeleindes waarvoor lenings aan technikons toegestaan kan word uit gelde deur Parlement bewillig.

(a) Die oprigting van geboue.

(b) Die verkryging van grond.

(c) Die betaling van kapitaaluitgawes.

(d) Die aankoop van roerende goed van 'n kapitale aard.

(e) Die terugbetaling van lenings.

Artikel 25 - Subsidies aan technikons.

Hier word bepaal dat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies uit gelde deur die Parlement vir dié doel bewillig, subsidies aan technikons betaal

vir die doeleindes en op grondslag en onderworpe aan voorwaardes soos deur die Minister bepaal word volgens die behoefte van elke technikon.

Die subsidies wat in Artikel 25 beskryf word is streng beheerbaar en in Artikel 27 word prosedures beskryf wat gevolg word indien 'n technikon nie aan die voorwaardes verbonde aan 'n subsidie voldoen nie.

2.3.2 Wet 43 van 1979

Hierdie wet is in hoofsaak slegs 'n wysiging van Wet 40 van 1967 en maak hoofsaaklik voorsiening vir die instelling en implimentering van Technikons.

As deur die wet gekyk word (Bylae 3) sal dadelik opgemerk word dat al die Artikels van die Wet (daar is 20 in totaal) die een of ander Artikel van Wet 40 van 1967 op 'n manier wysig sodat die woord "kollege" oral vervang word deur "technikon" en dat die Wet nou in totaal beter lees as 'n Wet op Technikons.

Met die inwerkingstelling van die Wet op 9 Mei 1979 word die technikons dus nou onherroeplik deel van die veld van tersiêre onderwys en staan dit sy plek vol in die veld vir opleiding op 'n naskoolse vlak en voorsien dit so aan 'n groot behoefte van ons tyd.

2.3.3 Wet 84 van 1983

Die wet is die nuutste ontwikkeling wat op die veld van technikons tot datum in werking sal tree en staan bekend as die Wet op Technikons.

Die bepalings wat in dié Wet bespreek word het hoofsaaklik te doen met sekere woordomskrywings waar

bestaande begrippe in die Wet van 1967 vervang word met ander woorde of omskrywings om die struktuur en omvang van die Wet meer aanvaarbaar te maak. Benamings van die hoof word byvoorbeeld verander van Direkteur na Rektor en studieraad na akademiese raad. So is daar ook verskeie ander begrippe wat verander en die neiging is meer om na die wese van 'n universiteit te beweeg. Hierdie Wet het dan ook ten doel om technikons 'n meer outonome status te gee sodat hulle onafhanklik van mekaar kan optree en werk soos Artikel 10 van die hoofwet gewysig is (Artikel 10.3(b) Wet 84 van 1983). Daar word ook volgens die Wet voorsiening gemaak dat 'n technikon vanaf 'n sekere datum soos deur die Minister bepaal eksamen mag afneem en 'n sertifikaat of diploma mag uitreik (Artikel 16 soos gewysig Wet 84 van 1983).

Die wyse van inskrywing en soort student wat deur 'n technikon ingeskryf kan word en geregtig is op 'n subsidie deur 'n technikon word omskryf in Artikel 12 en gewysig deur die nuwe wet.

Uit die nuwe wet het ons nou sekere belangrike bepalings geneem wat vir die studie noodsaaklik is. Om egter die volle omvang van die wet met sy onderskeie bepalings beter te kan beoordeel moet dit in sy geheel gelees word met sy twee voorafgaande belangrike wette. Die wette is aangeheg as Bylae 1, 2 en 3 onderskeidelik.

## 2.4 SAMESTELLING VAN 'N TECHNIKON

### 2.4.1 Wetlik

Die uitvoerende mag en bestuur van die technikon berus by die Raad van die technikon wat bestaan uit:

(a) die hoof van die technikon;

(b) een of twee persone, soos die Minister van tyd tot tyd bepaal, gekies, op die wyse by regulasie voorgeskryf, deur plaaslike besture wat, volgens 'n regulasie, donateurs is uit hoofde van skenkings deur hulle aan die technikon gedoen;

(c) een of twee persone, soos die Minister van tyd tot tyd bepaal, gekies, op die wyse by regulasie voorgeskryf, deur persone (uitgesonderd plaaslike besture) wat, volgens 'n regulasie, donateurs is uit hoofde van skenkings deur hulle aan die technikon gedoen;

(d) een persoon aangestel deur elke plaaslike bestuur of ander liggaam wat die Minister vir verteenwoordiging in die raad nomineer;

(e) die persone wat die Minister, behoudens die bepalings van subartikel (3), aanstel; en

(f) een persoon gekies, op die wyse by regulasie voorgeskryf, deur die oud-studente van die technikon (met inbegrip van oud-studente van die betrokke kollege vir gevorderde tegniese onderwys of van die Staatsondersteunde beroepskool of die voortsettingsklas waarvan die technikon die opvolger is) wat by regulasie bepaal word, wanneer die getal sodanige studente een keer die getal van honderd bereik het.

Die Raad bestaan uit minstens tien lede en hoogstens twintig lede wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir die beheer oor die eiendom van die technikon volgens die bepalings van die Wet asook beheer oor die technikon en al sy sake en werksaamhede.

Bo en behalwe die Technikonraad, word die direkteur (rektor) ook bygestaan deur 'n ander wetlik ingestelde raad naamlik die studieraad (nuwe benaming akademiese raad - Artikel 7 Wet 84 van 1983). Die samestelling van die raad is

(a) die hoof, wat voorsitter van die studieraad is;

(b) twee ander lede van die raad deur die raad aangewys, wat hul amp beklee solank dit die raad behaag; en

(c) die lede van die doserende personeel van die technikon wat die raad van tyd tot tyd bepaal.

Die raad word volgens die nuwe bedeling nog verder vergroot deur

(d) die lede van die nie-doserende personeel van die technikon wat die raad van tyd tot tyd bepaal en

(e) een persoon benoem deur die technikon se tak van die Dosentevereniging van die Suid-Afrikaanse Technikons wat deur die raad aangestel word.

Die werksaamhede en pligte van die akademiese raad kom kortliks op die volgende neer: Die akademiese raad van 'n technikon

(a) oefen die bevoegdhede van organisasie van en beheer oor die onderrig en tug van die studente

aan die technikon uit wat die raad aan hom toewys;

(b) dien die raad van advies met betrekking tot 'n aangeleentheid wat die raad na die akademiese raad vir sy advies verwys;

(c) kan die aanbevelings betreffende akademiese aangeleenthede van belang vir die technikon wat hy dienstig ag, aan die raad doen; en

(d) verrig die werksaamhede wat van tyd tot tyd deur die raad aan hom opgedra word.

Verdere poste wat by 'n technikon ingestel en gevul word sal van tyd tot tyd deur die Minister bepaal en ingestel word ooreenkomstig die behoeftes van die technikons.

2.4.2 <u>Interne indeling</u>

Technikons word gewoonlik verder ingedeel om die organisasie daarvan so doeltreffend as moontlik te maak. Die algemene indeling (akademies) vind plaas soos Bylae 4 aantoon.

Uit die Bylae blyk dit duidelik dat die technikon oor 'n vertikale groepstruktuur beskik of die lynorganisasiestelsel waar die gesag van bo na onder deur die vasgestelde kanaal vloei.

Die Direkteur is die hoogste gesag van die technikon en word bygestaan deur twee rade, die een uitvoerend en die ander adviserend soos deur die wet bepaal.

Om die werk van die Direkteur te verlig word die technikon ingedeel in twee rigtings naamlik geestes-

en gesondheidswetenskappe en tegnologie, elk met 'n adjunk-direkteur aan die hoof. Elke afdeling van die adjunk-direkteure word weer onderverdeel in skole met 'n assistent-direkteur aan die hoof en die verdeling geskied op grond van die wese van die vakke wat in die skool aangebied word.

Die werksaamhede van elke skool word dan weer onderverdeel in die onderskeie vakrigtings wat vir 'n bepaalde diploma aangebied word. Gewoonlik tref ons in elke skool 'n departementshoof, senior lektore en lektore aan wat in verskeie vakrigtings dan klas gee en weer terug-verantwoordelik is aan 'n senior persoon bo hom gestel.

Kortliks is dit dan hoe in wese die akademiese kant van 'n technikon saamgestel is en hoe dan ook die gesag en verantwoordelikhede vloei.

## 2.5 PLEK EN ROL VAN DIE SKOOL VIR REKENINGKUNDE

Soos ons reeds uit die algemene verdeling van 'n technikon agtergekom het, is 'n skool die deel van 'n technikon waar daar werklik met studente gewerk word en dit is dan ook die punt waar daar koste aangegaan word om die opleiding van die studente op 'n sekere vlak te kry.

Die Skool vir Rekeningkunde is maar een van 'n groep van 19 soortgelyke skole met elk sy eie onderverdeling wat maar in wese dieselfde is. Sy plek in die hiërargie van 'n technikon is soos in Bylae 4 gesien kan word onder die beheer van die Adjunk-direkteur Geestes- en

Gesondheidswetenskappe.

Die skool is hoofsaaklik gemoeid met vakke van 'n rekeningkundige agtergrond maar sluit ook by sekere technikons ander kursusse in soos regsvakke, bestuursvakke en soms ook ekonomiese vakke. Vir die doel van die studie wil ons die Skool vir Rekeningkunde verdeel soos die Technikon Witwatersrand dit doen, naamlik:

(a) Departement Finansiële Rekeningkunde - Departementshoof, twee senior lektore en vier lektore.

(b) Departement Kosterekeningkunde - Departementshoof, een senior lektor en twee lektore.

(c) Departement Maatskappy Administrasie - Departementshoof, twee lektore.

(d) Departement Elektroniese Dataverwerking - Departementshoof, twee senior lektore en vyf lektore.

(e) Departement Regte - Departementshoof en drie lektore.

Uit die aard van die saak sal daar 'n verskeidenheid vakke deur die ses-en-twintig lektore en hoofde hanteer word asook 'n groot groep studente. Om die werksaamhede verder toe te lig is dit nodig om te vermeld dat klasse nie net voltyds maar ook deeltyds deur die skool behartig word wat die studentetal aansienlik vergroot. Om in die behoeftes van beide groepe studente te kan voorsien is dit nodig om van deeltydse lektore gebruik te maak om hoofsaaklik onderrig aan studente in die deeltydse klasse te gee. Die lektore is nie deel van die technikon se voltydse personeel nie en word op 'n uurlikse basis vergoed wat van tyd tot tyd deur die Vereniging van Technikons bepaal en aangepas word.

Die studentegetalle aan die skool wissel van jaar tot jaar en van technikon tot technikon, maar daar kan met vertroue gewerk word op 'n gemiddelde inskrywing van 400 voltydse en 300 deeltydse studente per jaar.

By die Skool vir Rekeningkunde word hoofsaaklik drie soorte kursusse aangebied.

(1) Kursusse waar spesiale apparaat aan verbonde is soos kursusse in Elektroniese Dataverwerking waar van duur rekenaars gebruikgemaak word om studente op te lei sowel as verbruikbare materiaal wat deur die student gebruik word in sy opleiding op die rekenaar.

(2) Gewone kursusse sonder spesiale apparaat en waar hoofsaaklik lesingonderrig geskied soos rekeningkunde en ander vakke.

(3) Kortkursusse waar die student oor 'n kort termyn opgelei word (± 15 weke) en hy ten volle vir die koste van die kursus aanspreeklik is. Die koste word dus bepaal na gelang van die vraag vir die kursus.

In die hoofstukke wat hierop volg sal nou in diepte na die wese van die skool gekyk word en vasgestel word hoe die koste bepaal word wat vir 'n kursus aan die skool betaal word.

# HOOFSTUK 3

## SINOPSIS

Die doel van hierdie hoofstuk is om so volledig moontlik die bestaande stelsel aan 'n technikon weer te gee wat gevolg word in die bepaling van die koste en gevolglik ook die inkomste om die koste te dek. 'n Bespreking van die begrotingsprosedures is onafwendbaar sowel as sekere verwysings na sekere begrippe wat algemeen in kosterekeningkunde gebruik word.

# INHOUD


| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | INLEIDING | 26 |
| 3.2 | DIE BEGRIP KOSTE | 26 |
| 3.2.1 | Uitgawe en koste | 27 |
| 3.2.2 | Uitgawe, koste en verspilling | 28 |
| 3.2.3 | Koste versus Rente | 28 |
| 3.3 | KLASSIFIKASIE VAN KOSTE | 29 |
| 3.3.1 | Klassifikasie organisatories | 29 |
| 3.3.2 | Klassifikasie volgens uitgawe | 30 |
| 3.3.3 | Klassifikasie volgens aktiwiteit | 31 |
| 3.3.4 | Klassifikasie volgens gedrag | 31 |
| 3.3.4.1 | Vaste koste | 32 |
| 3.3.4.2 | Veranderlike koste | 32 |
| 3.3.4.3 | Semi-veranderlike koste | 32 |
| 3.4 | BESTAANDE BEDELING VAN KOSTEBEREKENING EN BEPALING VAN KURSUSKOSTE AAN 'N SKOOL | 33 |
| 3.4.1 | Bepaling van die uitgawes van 'n technikon | 33 |
| 3.4.1.1 | Beginsels van die subsidieformule | 33 |
| 3.4.1.2 | Die subsidieformule | 36 |
| 3.4.1.3 | Inkomstebepaling deur die formule | 37 |
| 3.4.1.4 | Begrotingsprosedures van 'n skool | 41 |
| 3.5 | BEPALING VAN KURSUSGELD VIR KORTKURSUSSE AAN 'N SKOOL VIR REKENINGKUNDE | 43 |
| 3.6 | SAMEVATTING | 45 |

# HOOFSTUK 3

## 3.1 INLEIDING

Uit die voorafgaande het dit nou duidelik geblyk dat daar ook by 'n technikon die behoefte bestaan om te weet wat sy koste is sodat hy uit die koste 'n bepaling kan maak van hoeveel sy "produk" sal kos, in dié geval die prys van 'n student aan een van sy skole. Al word slegs op een skool gekonsentreer, doen dit geensins afbreuk aan die feit dat dieselfde beginsels vir alle skole dieselfde sal wees nie. Voordat ons egter die koste in 'n Skool vir Rekeningkunde kan bepaal is dit eerstens nodig om sekere kostebegrippe duidelik te omskryf.

## 3.2 DIE BEGRIP KOSTE

Volgens die boek van Sorgdrager en Tromp het die ontwikkeling van koste ontstaan as die skeiding tussen sosiale- en besigheidsekonomieë. Dit is dan ook grootliks die basis vir die ontstaan van moderne koste en bestuursrekeningkunde. Dit word ook beskou as die belangrikste wegbreek van die tradisionele historiese idee van koste.

Koste moet dan ook gesien word as eenhede van waarde wat opgeoffer moet word om produksie te lewer. Dit is nodig om die kwantitatiewe aspekte van koste in verband te bring met die produksie van goedere ten einde te bepaal wat die waarde van produkte is. Produksie sonder 'n begrip van waarde is nie moontlik nie en dit werk weer terug tot die begrip dat waarde van produkte

alleenlik kan bepaal word indien die koste van produksiefaktore bekend is.

Koste is dus noodsaaklik om die basiese bestanddeel te lewer vir bestuur om die regte besluite te neem en om tot die regte optrede te kom. Koste en waarde verskil in begrip maar hulle vul mekaar aan en is dus in wese of in die effek wat hulle het dieselfde.

Om die studie van koste reg te doen is dit nodig dat koste sover as moontlik afgebreek moet word tot eenheidskoste. Vanaf dié vlak is dit meer moontlik om koste aan te pas, te vergelyk of selfs op te bou tot totale koste.

Vir die voortsetting van die studie is dit dan ook nodig om tussen sekere terme te onderskei wat algemeen gebruik word.

3.2.1 <u>Uitgawe en koste</u>

Sekere handboeke verwys na koste as 'n "uit sak uitgawe" (out of pocket expense) waarby hulle in werklikheid bedoel die bedrag wat deur hulle aangewend word om 'n sekere item of diens te bekom soos materiaal of arbeid. Hierdie uitgawes wat aangegaan word, word baie noukeurig gekontroleer deur vooraf goed te begroot en dit baie streng te boekstaaf.

Koste word dan ook omskryf as ekonomies geregverdig asook tegnies onafwendbaar terwyl uitgawes 'n breër begrip is wat koste insluit sowel as ander onkoste wat nie aan bogenoemde vereistes voldoen nie. Om die begrip van koste verder te kan verduidelik kan ons sê

dat koste altyd aan 'n eenheid of diens gekoppel word soos byvoorbeeld koste per eenheid of per uur of produk, terwyl uitgawes 'n meer algemene konsep is en nie toegedeel word tot 'n produk nie.

### 3.2.2 Uitgawe, koste en verspilling

As uitgawe effektief is word dit koste genoem soos in die vorige paragraaf aangetoon is, anders is dit 'n verspilling. Ons kan dus sê verspilling is die verskil tussen totale uitgawe en die doeltreffende aangewende uitgawe. Ons moet waak dat ons nie ooraanwending verwar met verspilling nie.

Om die begrip meer breedvoerig te probeer tuisbring, kan ons verwys na 'n fabriek wat met breekbare artikels werk. Indien daar van die goedere breek beteken dit nie noodwendig 'n verspilling en 'n verlies nie, maar indien daar steeds baie gebreekte produkte is nieteenstaande baie voorsorgmaatreëls, word dit 'n verlies wat deur verspilling ontstaan. Normale afval in enige fabriek is nie verspilling nie en is dus deel van die koste want dit is toedeelbaar tot die produk wat dan die vervaardigingsprys sal beinvloed.

### 3.2.3 Koste versus Rente

Oor dié begrip is al baie geskryf en steeds blyk daar nie duidelikheid te bestaan oor die feit of rente deel van koste moet wees of nie. Daar is ook baie argumente of die rente ingesluit of uitgesluit moet wees van koste. Dit is egter nie nodig om die argumente hier te bespreek nie, veel eerder is dit nodig om te bepaal wat rente in werklikheid is.

Ons moet in ag neem dat rente alleen betaal word op geleende geld (kapitaal) en nie op eie kapitaal nie. As rente op beide die geleende en eie kapitaal betaal is was dit 'n gemeenskaplike kostefaktor wat vir vergelykende studie insluitbaar sou wees by koste.

Vir die doel van hierdie studie sal ons rente op kapitaal nie as 'n kostefaktor beskou nie maar as 'n uitgawe. Die studie het egter nie groot renteprobleme nie aangesien dit toedeelbaar tot die werklike eenheidskoste minimaal is.

## 3.3 KLASSIFIKASIE VAN KOSTE

Daar bestaan in wese drie hoof-verdelings van koste volgens Shillinglaw:

(a) die klassifikasie deur organisatoriese segment

(b) klassifikasie volgens uitgawe

(c) klassifikasie volgens aktiwiteit

### 3.3.1 Klassifikasie organisatories

Volgens dié metode word enige onderneming verdeel in sy organisasiestruktuur en volgens dié struktuur word die koste dan verdeel na die sentrum waar die betrokke koste tuishoort. Gewoonlik het ons geen probleem met direkte koste nie want ons kan baie akkuraat bepaal wat die koste is en waar dit tuishoort (sien Bylae 4).

Die probleem ontstaan gewoonlik waar ons te doen het met indirekte koste wat nog in baie gevalle verdeel behoort te word tussen meer as een departement of sentrum. Gewoonlik word die uitgawes in een afdeling bepaal en betaal en dan volg 'n proses waar die koste

nou al langs die struktuurlyn teruggewerk moet word tot by die sentrum aan wie dit toegedeel kan word. Om die proses van toedeling te vergemaklik, maak Shillinglaw in sy boek gebruik van kodes per departement (Bylae 4) om sodoende die departement beter en makliker te identifiseer. Die kodestelsel word later breedvoerig toegelig.

3.3.2 Klassifikasie volgens uitgawe

Wanneer bestuur van dié metode van verdeling van koste gebruik maak impliseer dit dat die kostesentrum verdeel word in sy "natuurlike elemente" soos salarisse, krag, waterverbruik, versekering ens. Hierdie manier van verdeling word dikwels na verwys as die klassifikasie volgens die objek van uitgawes met ander woorde krag is die objek wat verkry is deur die aanwending van fondse.

In die klassifikasie volgens struktuur is getoon waar die koste aangegaan is; dié klassifikasie verwys na wat verkry is met die koste wat ons aangegaan het (Bylae 4). Weer eens word gebruik gemaak van kodes om die kruisverwysings beter en makliker te doen. Nadat Bylae 4 bestudeer is blyk dit duidelik dat 'n spesifieke departement geneem is en weer onderverdeel is in die onderskeie elemente wat ter sprake is met elk sy eie kode wat na 'n spesifieke onderafdeling verwys.

Wanneer 'n koste aangegaan is moet dit geklassifiseer word as sentrum en as objek van uitgawe soos byvoorbeeld as 'n persoon agt uur aan 'n masjien gewerk het

om dit te herstel sal eerstens die sentrum bepaal word waaronder die uitgawe ressorteer (werkswinkel-arbeid) en daarna sal die soort arbeid in die werkswinkel bepaal word naamlik onderhoud. Volgens dié stelsel eindig alle uitgawes in die werklike rekening wat vir hulle bestem is, en maak dit deel uit van 'n geheel.

### 3.3.3 Klassifikasie volgens aktiwiteit

Hierdie derde verdeling van koste word volgens Gordon Shillinglaw bereken as die "hoekom" van koste. Hy onderskei dan ook vier koste-eenhede naamlik:

- Bestellingsaktiwiteite
- Direkte-produksie aktiwiteite
- Bestellings- en liasseringsaktiwiteite
- Diens- en onderhoudsaktiwiteite

Deur gebruik te maak van dié vorm van klassifikasie breek ons dus die koste op en kan ons seker maak dat die koste of uitgawe wat aangewend is geregverdig is al dan nie.

Die probleem van identifisering van koste is nog nie verby nie want ons kan koste nog volgens hulle gedrag ook klassifiseer.

### 3.3.4 Klassifikasie volgens gedrag

Dié metode van klassifikasie is nie volgens die meeste boeke oor kosterekeningkunde nie, maar is nogtans noodsaaklik om dit so te identifiseer vir die doel van die studie om 'n meer volledige beeld te gee van hoe koste vir 'n technikon verdeelbaar is.

3.3.4.1 Vaste koste

Soos die naam aandui is die koste nie wisselvallig nie, en behou 'n vaste bedrag ongeag van volume of verkope. Die koste sluit 'n wye reeks van koste in wat nie deur die volume van 'n onderneming beinvloed word nie en dit is gewoonlik die koste wat 'n groot bydrae lewer tot die ondergang van baie bedrywe. Voorbeelde van dié soort koste is salarisse van bestuurders, voormanne ens, asook rente op kapitaal, versekering ens.

3.3.4.2 Veranderlike koste

Onder die term veranderike koste verstaan ons gewoonlik koste wat direk veranderlik is met die aktiwiteit wat plaasvind. Gestel ons werk met 'n aktiwiteit van 10 000 eenhede wat 'n veranderlike koste van R5 000 lewer beteken dit basies 'n koste van 50c per eenheid. As ons nou 'n toename in eenhede ervaar na 15 000 eenhede sal koste direk toeneem met 5 000 x 50c, dit wil sê 'n verhoging in veranderlike koste van R2 500. Dit blyk dus duidelik dat veranderlike koste gekoppel is aan die styging of daling van aktiwiteit en bestaan hoofsaaklik uit direkte materiaal en direkte arbeid.

3.3.4.3 Semi-veranderlike koste

Hierdie koste besit 'n element wat as "vas" en 'n element wat as "veranderlik" geklassifiseer word. Die deel van die koste wat oorheersend is sal bepaal of ons van semi-veranderlik of semi-vaste koste sal

praat. Onder die groep koste word veral ingesluit items soos kragverbruik, telefoon ens want al die uitgawes het 'n basiese vaste deel wat betaal moet word of ons dit gebruik al dan nie.

## 3.4 BESTAANDE BEDELING VAN KOSTEBEREKENING EN BEPALING VAN KURSUSKOSTE AAN 'N SKOOL

Die technikon werk nie op 'n identifiseerbare kostestelsel nie want hulle koppel die bepaling van kursusgelde aan 'n voorgeskrewe formule wat deur die staat by wyse van wetgewing en regulasies neergelê is. Alle berekeninge geskied by wyse van die vooraf-vasgestelde formule en dit is dan ook my doel om in die volgende deel van die hoofstuk die prosedures wat gevolg word nader toe te lig en beter te omskryf. Alle syfers wat gebruik word dien slegs as voorbeeld en hou geen verband met werklike syfers wat deur enige technikon gebruik word nie.

### 3.4.1 <u>Bepaling van die uitgawes van 'n technikon</u>

By die bepaling van die uitgawes van 'n technikon wat deur klasgelde aan die einde gedek moet word, is die technikon aan die eenkant gebonde aan 'n vaste-subsidieformule wat die bydrae van die staat bepaal en aan die anderkant word hy 'n vrye hand gegee om die verskil benodig self te finansier uit eie bronne.

#### 3.4.1.1 <u>Beginsels van die subsidieformule</u>

Dit is vir ons nodig om eerstens sekere begrippe wat in die bespreking van die formule gebruik word te omskryf.

(a) Voltydse ekwivalente studente (VTE)

Onder dié begrip word verstaan 'n student wat voltyds as student ingeskryf is en 'n volle voorgeskrewe kursus doen. Elke vak deur die technikon aangebied word 'n sekere gewig toegeken sodat die gewigte terugtel tot 'n som van 1 indien 'n student alle vakke voorgeskryf in 'n kursus neem.

Voorbeeld: Nasionale Diploma Kosterekeningkunde

| JAAR | VAK | GEWIG |
|---|---|---|
| Eerste Jaar | Finansiële Rekeningkunde I | 0,25 |
| | Bedryfsrekeningkunde I | 0,25 |
| | Statistiese Metodes | 0,25 |
| | Handelsreg I | 0,25 |
| | | 1,00 |
| Tweede Jaar | Finansiële Rekeningkunde II | 0,25 |
| | Bedryfsrekeningkunde II | 0,25 |
| | Bedryfsekonomie I | 0,25 |
| | Maatskappyreg | 0,25 |
| | | 1,00 |
| Derde Jaar | Finansiële Rekeningkunde III | 0,25 |
| | Bedryfsrekeningkunde III | 0,25 |
| | Beginsels van EDV EN/OF | |
| | Arbeidsreg (opsioneel) | 0,25 |
| | Ekonomie I | 0,25 |
| | | 1,00 |

Waar studente ingeskryf word vir minder vakke as wat 'n kursus bepaal, sê byvoorbeeld 2 vakke, word die gewigte opgetel en bepaal as 0,5 VTE ens. Om ons berekeninge te vergemaklik kan ons die volgende formule saamstel:

$$\frac{\text{Aantal vakinskrywings} \times 1}{\text{Aantal vakke in kursus}}$$

Die formule behoort goed te werk vir alle studente wat vir vakke onder die Nasionale

Diploma Kosterekeningkunde inskryf soos ons voorbeeld aantoon want al drie jaar bestaan uit vier vakke en die belading is deurgaans dieselfde. Daar word ook nie onderskei tussen voltydse of deeltydse studente by die bepaling van 'n inrigting se VTE's nie.

Waar ons egter met 'n kursus werk waar daar meer vakke in die eerste en minder in die tweede of derde jaar is, sal die belading in die eerste jaar verskil van dié in die ander jare. Om die berekening nou te kan doen van die VTE moet die vakke met dieselfde belading bymekaargevoeg word en dan deur die aantal in die kursus gedeel word.

Voorbeeld:

Gestel daar het by 'n skool die volgende aantal studente ingeskryf vir die Nasionale Diploma Kosterekeningkunde en vir die Nasionale Diploma Elektroniese Dataverwerking in die eerste jaar:

TABEL 2 - Belading van Kursusse

| Kursus | Vakke per Kursus | Belading | Aantal Vakke 1 | 2 | 3 | 4 | Vol Kursu |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| (i) Nasionale Diploma Kosterekeningkunde | 4 | 125 | 20 | 13 | 17 | - | 121 |
| (ii) Nasionale Diploma Elektroniese Dataverwerking | 5 | 120 | 11 | 25 | 8 | 12 | 163 |

VTE sal dan soos volg bepaal word:

(i) <u>formule</u> $\frac{\text{Aantal vakinskrywings} \times 1}{\text{Aantal vakke per kursus}}$

$= \frac{581 \times 1}{4}$

VTE = 145,25

(ii) $= \frac{948 \times 1}{5}$

VTE = 189,6

(b) Verder moet ons aantoon dat daar 'n onderskeid gemaak word tussen studente wat nie spesiale apparaat benodig vir opleiding nie (hulle word verwys na as Groep I studente) en dié wat wel spesiale duur apparaat benodig soos laboratoriumtoerusting of rekenaars ens (na hulle word verwys as Groep II studente).

Die onderskeid word deurgaans gehandhaaf omdat die subsidie van die staat vir die twee groepe studente verskil soos ons sal aantoon.

3.4.1.2 <u>Die subsidieformule</u>

Die formule is jaarliks aanpasbaar deur die staat wat betref die toelaes wat aan elke komponent betaalbaar is en volgens die jongste gegewens sal die formule vanaf 1984 soos volg werk:

1. <u>Salarisse</u>: (Aantal en soort lektore of personeel volgens die aantal VTE van technikon)

Komponent A (a) Akademies (lektore tot departementshoof)

A (b) Akademiese hulpdiens (laboratoriumpersoneel ens)

| | |
|---|---|
| Komponent B | Administratiewe salarisse |
| Komponent C (a) | Biblioteekpersoneel salarisse |

2. <u>Verbruikbare / Kapitaalgoedere en dienste</u>

| | |
|---|---|
| Komponent C (b) | Biblioteekboeke |
| | (i) Groep I R per VTE |
| | (ii) Groep II R per VTE |
| Komponent D | Laboratorium- of ander apparaat |
| | (i) Groep I R per VTE |
| | (ii) Groep II R per VTE |
| Komponent E | Navorsing (op Ad Hoc basis) |
| Komponent F | Bedryfskoste van onderrig R per VTE |
| Komponent G | Rekenaardienste R per VTE |
| Komponent H | Bedryfskoste - Geboue en terreine R per VTE |

3. <u>Ander uitgawes</u>

| | |
|---|---|
| Huur van Geboue | % staatsbydrae |
| | Res eie bydrae |
| Rente op kapitaaldelging | % staatsbydrae |
| | Res eie bydrae |

4. <u>Moontlike inkomste</u>

(i) Klasgelde
(ii) Rente op beleggings
(iii) Ander inkomste

3.4.1.3 <u>Inkomstebepaling deur die formule</u>

Die bepaling van die bedrag wat per student gevorder word om 'n kursus aan 'n Skool vir Rekeningkunde te volg word gedoen deur hoofsaaklik te konsentreer op die subsidie wat van staatskas gevorder kan word

en dan aangevul moet word deur eie fondse. Die prosedure wat jaarliks gevolg word deur technikons word nou aan die hand van 'n voorbeeld bespreek. (Syfers wat gebruik word dui nie op 'n technikon se syfers nie en is slegs 'n aanduiding hoe die formule toegepas word).

Stap 1: Bepaling van die bydrae by wyse van 'n subsidie van die staat.

Salarisse van personeel:

Gebaseer op grond van die getalle van die technikon word die totale aantal lektore, senior lektore, departementshoofde, administratiewe personeel en ander personeel bepaal en word die bedrag wat vir salarisse benodig word aan die technikon beskikbaar gestel.

Verbruikbare / Kapitaalgoedere en dienste:

Gestel die technikon het by wyse van berekening in 1983 oor 12 320 VTE beskik, bereken soos uiteengesit in 3.4.1.1 waarvan 7 300 Groep I studente is en die res (5 020) Groep II studente is.

Berekeninge soos volg:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Komponent C (b) | Groep I | R30 per VTE | = | R219 000 |
| | Groep II | R50 per VTE | = | R251 000 |
| | | | | R490 000 |
| Komponent D | Groep I | R39 per VTE | = | R284 700 |
| | Groep II | R733 per VTE | = | R3 679 660 |
| | | | | R3 964 360 |

| | | |
|---|---|---|
| Komponent E | Navorsing | Geen |
| Komponent F | R621 per VTE (12 320) | R7 650 720 |
| Komponent G | R791 per VTE (12 320) | R9 745 120 |
| Komponent H | R482 per VTE (12 320) | R5 938 240 |
| Totaal Komponent C (b) tot H | | R27 768 440 |

Om die staat se bydrae van die bedrag te kan bepaal word gebruik gemaak van 'n formule, naamlik:

$$90\% - \left(\frac{x - 2\ 000}{400}\right)$$

waar:

x = totale VTE's van die technikon

Toepassing:

$$90\% - \left(\frac{12\ 320 - 2\ 000}{400}\right)$$

$$= 64,2\%$$

Die persentasie so bereken is dié deel van die koste bereken wat deur die staat verskaf sal word. Die res moet uit eie fondse bereken word, dit wil sê

| | |
|---|---|
| Staat se bydrae | R17 827 338 |
| Eie fondse | 9 941 102 |

Stap 2: Berekening van ander uitgawes.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Huur van Geboue | 60% Staat | x R500 000 | R | 300 000 |
| | 40% Eie | x R500 000 | R | 200 000 |
| Rente en kapitaal-delging | 85% Staat | x R1 200 000 | R1 | 020 000 |
| | 15% Eie | x R1 200 000 | R | 180 000 |

Stap 3: Berekening van inkomste in die verlede.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Klasgelde 1983 | Groep I | R550 | R4 015 000 |
| | Groep II | R600 | R3 012 000 |
| Registrasiegelde | | R 30 | R 369 600 |
| Rente op beleggings | | | R 500 000 |
| Totale inkomste | | | R7 896 600 |
| Uitgawes uit eie fondse | | | R10 321 102 |
| Tekort | | | R 2 424 502 |

Stap 4:

Om die tekort in 1984 te kan verhaal word gewoonlik besluit op die maklikste weg en dit is om die klasgelde van studente te verhoog. In die geval van die voorbeeld blyk dit dat 'n verhoging van 24% in klasgeld die nodige inkomste sal bied.

Stap 5:

Die wyse van berekening van uitgawes wat deur inkomste gedek word is die algemene manier wat deur technikons gebruik word. Nadat die totale uitgawes en inkomste vir die technikon in geheel bereken is, word dit verdeel onder die skole by wyse van 'n begroting wat opgestel moet word per skool. Nadat die begrotings deur die skole voltooi is (Bylae 8) word dit deur die Assistent-registrateur Finansies en die Adjunk-direkteure gekontroleer om seker te maak dat die begrotings by die beskikbare fondse sal pas.

Stap 6:

Nadat die begrotings deur die persone in beheer goedgekeur is word dit teruggestuur na die skool wat dan die nodige aankope of uitgawes mag aangaan soos goedgekeur.

Stap 7:

Bedrae wat nie deur die skool in die boekjaar begroot gebruik is nie word in 'n sentrale reserwefonds van die technikon gestort om aangewend te word om ander tekorte wat mag ontstaan mee te verhaal. 'n Besparing deur 'n skool op sy begroting gee hom geen voordeel nie en is prakties vir die skool verlore.

3.4.1.4 Begrotingsprosedures van 'n skool

Die fondse wat bepaal is in 3.4.1.3 moet nou volgens 'n vaste stelsel onder die verskeie skole verdeel word. 'n Begrotingskomitee doen die verdeling van die fondse aan die onderskeie skole op grond van behoefte, soort en hoeveelheid studente wat aan die skool studeer. Die fondse wat aan die skool toegeken is word nie aan die hoof van die skool genoem nie maar slegs 'n aanduiding word gegee van hoeveel hy in die verlede op geregtig was en dit gee 'n aanduiding van die nuwe begroting (Bylae 8).

By die begroting vir bedryfsuitgawes word 'n limiet vasgelê om onnodige uitgawes te bekamp. Ander uitgawes waarvoor begroot word moet voorsien word van 'n deeglike motivering waarom die uitgawe noodsaaklik is. Nadat die begroting deur die skool opgestel

is word dit weer aan die begrotingskomitee voorgelê vir goedkeuring en meting aan die beskikbare fondse vir die skool. Indien oorbegroot, word sekere items wat blyk onnodig te wees of waarvoor daar nie 'n dringende behoefte bestaan nie, geskrap sodat dit binne voorafbepaalde norm kan val.

Die goedgekeurde begroting word nou teruggestuur aan die skool wat verantwoordelik is vir die aankoop of verkryging van die items waarvoor begroot is. Items wat deur die technikon self voorsien word soos drukwerk en verbruikbare materiaal lewer geen probleem nie want die koste vir die dienste word outomaties deur die Magasynmeester van elke skool se begrote bedrae verhaal.

Vir aankope van kapitale aard waarvoor begroot is, word drie kwotasies vereis indien die bedrag minder as R1 000 is of andersins ten minste drie tenders van die firmas wat die goedere kan verskaf. Om die kwotasies of tenders te kry is die taak van die skool en word gewoonlik opgedra aan 'n departementshoof in die skool. Nadat die taak afgehandel is, moet 'n rekwisisie uitgereik word en die kwotasies aangeheg word wat dan deurgestuur word vir goedkeuring na die Adjunk-direkteur. Vanaf die Adjunk-direkteur word 'n amptelike bestelling uitgemaak wat deur die Direkteur geteken word voordat dit aan die verskaffer gestuur word om die goedere te lewer.

Nadat die goedere of dienste gelewer is aan die skool moet die rekening van die verskaffer deur die

hoof van die skool of sy gevolmagtigde geteken word voordat dit deur die rekenmeester vereffen word.

Die begroting word gewoonlik opgestel en ingehandig vir goedkeuring voor einde September van elke jaar en die aankope van items begroot geskied gedurende die eerste paar maande van die volgende jaar, met die gevolg dat daar by die opstelling van die begroting ook rekening gehou moet word met die styging van pryse as gevolg van inflasie.

## 3.5 BEPALING VAN KURSUSGELD VIR KORTKURSUSSE AAN 'N SKOOL VIR REKENINGKUNDE

Die beplanning en aanbieding van 'n kortkursus is geheel-en-al die verantwoordelikheid van die skool wat dit aanbied. Die prys wat gevra word vir die kursus word streng bereken deur die koste verbonde aan die kursus.

Volgens die aansoek wat ingedien word om 'n kursus aan te bied blyk dit duidelik dat sekere kostes gedek moet word voordat toestemming verleen sal word om sodanige kursus aan te bied. Die vorm wat voltooi word (Bylae 6) dien dan as die beplanning van die uitgawes van die kursus.

As ons die beplanningsvorm nou van nader beskou, kan ons die volgende items onderskei wat die totale koste van die kursus uitmaak:

(a) Direkte salariskoste: Daar word vooraf besluit watter bedrag aan 'n lektor per uur betaal sal word, met 'n minimum bedrag bepaal deur die staat, en die bedrag vermenigvuldig met die aantal ure wat aan die kursus toegestaan word gee die totale

direkte salariskoste. Dit sal dan die hoofkoste-aspek van die kursus uitmaak.

(b) Ander direkte koste: Hierdie koste-item maak voorsiening vir uitgawes soos drukwerk, posgeld, advertensies, verbruikbare materiaal en ander kostes wat direk verband hou met die kursus se bekendstelling of aanbieding.

(c) Administratiewe koste: Dit word beskou as 'n veranderlike bo-koste en gevolglik word dit bereken as 'n persentasie van totale direkte koste. Ook ingesluit by die koste-item is die reserwefonds wat voorsiening maak vir die opbou van 'n trust asook vir sekere navorsingsdoeleindes.

Nadat die bogenoemde kostes bereken is word dit saamgetel om die totale koste van die kursus te gee. Die volgende stap is dan om slegs te bepaal wat die minimum aantal studente behoort te wees wat die kursus moet bywoon om dit ekonomies gangbaar te maak. Daar is ook die moontlikheid dat vir meer studente begroot kan word as wat nodig is en dan sal daar 'n oorskot ontstaan. Indien die studente te min is, maar dit is noodsaaklik dat so 'n kursus aangebied word, word daar begroot vir 'n tekort wat dan verhaal kan word van die skool se trustfonds wat in die verlede geskep is.

Die aansoek word deur die betrokke skool wat die kursus wil aanbied se Assistent-direkteur geteken en dan vir goedkeuring voorgelê aan die Adjunk-direkteur van die technikon. Voordat die nodige goedkeuring nie verkry is mag die kursus nie aangebied word nie. Na afloop

van die kortkursus word 'n verslag oor die aanbieding van die kursus (Bylae 7) voltooi waarin die werklike gegewens soos dit wel plaasgevind het weerspieël word. Dit gebeur gewoonlik dat meer studente as waarvoor beplan was die kursus bywoon met die gevolg dat 'n groter oorskot ontstaan en dus die trustfonds van die skool baie sal verstewig.

## 3.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is gepoog om 'n agtergrond te skets van die wese van die aktiwiteite van 'n skool rondom die koste-aspek van 'n technikon. Ons het hier slegs objektief feite weergegee en geen oordeel gevel of kritiek uitgespreek nie.

In werklikheid is daar baie leemtes in die stelsel wat deur beter beplanning en koördinering uitgeskakel kan word. Ander stelsels mag dalk bestaande swakhede uitskakel maar dan weer ander skep. Om meer volledigheid aan die studie te gee sal in die volgende hoofstukke 'n aanduiding gegee word van hoe die stelsel verbeter kan word deur meer van erkende koste- en bestuurstegnieke gebruik te maak.

# HOOFSTUK 4

## SINOPSIS

Dit is die doel van dié hoofstuk om by wyse van 'n inleidende agtergrond 'n skets te gee van hoe 'n kostestelsel kortliks toegepas word in 'n nie-produserende onderneming en dan daarna 'n vergelyking te tref van dié stelsel tot die stelsel beskryf in hoofstuk 3.

Om die studie in dié hoofstuk af te sluit is enkele verskilpunte aangestip en kortliks bespreek.

INHOUD

4.1 INLEIDING 48
4.2 DIE PRIVAATSEKTOR EN DIE TECHNIKON 48
4.2.1 Kostestelsel aan 'n onderneming 49
4.2.1.1 Bepaling en identifisering van koste-aspekte 49
4.2.2 Begrotingswyse by 'n onderneming 51
4.2.2.1 Verkoopsbegroting 52
4.2.2.2 Aankoopbegroting 53
4.2.2.3 Bo-koste begroting 53
4.2.2.4 Arbeidsbegroting 54
4.2.2.5 Begrote voorrade en inkomste 55
4.2.3 Ander beplannings in 'n onderneming 55
4.3 KRITIEK OP DIE HUIDIGE STELSEL AAN TECHNIKONS 55
4.3.1 Bepaling van behoeftes 56
4.3.2 Verdeling van fondse 57
4.3.3 Begrotingsprosedures 57
4.3.3.1 Sielkundige verskille 58
4.3.3.2 Praktiese verskille 61
4.3.3.3 Kortkursusse 63
4.4 SAMEVATTING 65

# HOOFSTUK 4

## 4.1 INLEIDING

Alle ondernemings wat ingestel is op wins vind dit noodsaaklik om volgens 'n definitiewe stelsel te werk waar die koste duidelik onderskei kan word en ook die inkomste duidelik waarneembaar is. Soos reeds in hoofstuk 1 van hierdie studiestuk aangetoon is, is die technikon ook maar in wese 'n onderneming wat winsgewend moet wees om sy voortbestaan te kan regverdig.

Sekere van die beginsels wat deurgaans deur ondernemings toegepas word is nie direk van toepassing op 'n technikon nie, maar met die nodige aanpassing kan die meeste van die fundamentele kostebegrippe en toepassings op die werksaamhede van 'n technikon van toepassing gemaak word. Dit is dan ook die doel in hierdie hoofstuk om te poog om 'n stelsel daar te stel wat sal voldoen aan die vereistes van 'n technikon maar ook nie sal afbreuk doen aan die eie karakter van 'n technikon wat deur die jare opgebou is nie.

## 4.2 DIE PRIVAATSEKTOR EN DIE TECHNIKON

Om die stelsel wat gevolg kan word in 'n beter perspektief te plaas is dit noodsaaklik dat 'n agtergrond verskaf word van wat werklik by 'n onderneming plaasvind waar ook gebruik gemaak word van 'n voltooide produk wat slegs geprysmerk moet word en dan weer beskikbaar gestel word aan die publiek vir verkoop.
Vir dié navorsing is besluit dat die stelsel wat gebruik word by 'n drankwinkel gebruik sal word as

voorbeeld van die stelsel wat gebruik kan word aan 'n technikon. Dit is nie die doel om studente te vergelyk met drankbottels nie, maar in beide gevalle kan daarna verwys word as eenhede wat die onderneming teen 'n sekere waarde binnekom en dan weer verlaat teen 'n verhoogde waarde.

Die stelsel wat gebruik word is eenvoudig en buigbaar en daarom sal dit maklik wees om die stelsel van toepassing te maak op die huidige ondersoek.

4.2.1 <u>Kostestelsel aan 'n onderneming</u>

By 'n onderneming soos 'n drankwinkel het die bestuurder gewoonlik probleme wat hy daagliks, maandeliks sowel as jaarliks moet oplos alvorens hy die produk kan herverkoop teen 'n wins. Hy moet 'n wins kan maak op sy produkte anders is daar geen sin in die bestaan van die onderneming nie. Dit is nie moontlik om alle probleme te kan behandel nie, maar dié wat van deurslaggewende aard vir die onderneming is word hier aangetoon.

4.2.1.1 <u>Bepaling en identifisering van koste-aspekte</u>

In 'n onderneming soos 'n drankwinkel wat nie 'n vervaardigingsonderneming is nie, kan ons hoofsaaklik die volgende koste-aspekte onderskei:

(a) <u>Vaste bo-koste</u>

'n Groot gedeelte van dié soort ondernemings se koste is vas van aard en wissel min of geen. Voorbeelde van dié soort koste is:

Salarisse van personeel

Lone van werkers

Huur van gebou of toerusting

Rente op lenings ensovoort

(b) Veranderlike bo-koste

Ander bo-koste wat ook onderskei word is van veranderlike aard en is dikwels moeilik waarneembaar in dié opsig dat dit lyk of dit tog maar 'n tipe vaste koste is wat net tydelik van aard is. By dié soort koste dink ons veral aan aspekte soos

Lone van dagwerkers (skoonmakers ensovoort)

Water en elektrisiteit van gebou

Verwarming

Huurkontrakte van toerusting op kort termyn

Advertensies

Verkoopkoste

Brandstof ensovoort

Die meeste van die koste hier genoem is in 'n mate afhanklik van die verkope (omset) van die onderneming en sal dus maandeliks kan varieer soos verkope varieer maar tog nog in geheel 'n vaste patroon lewer.

Alhoewel sommige van die voorbeelde genoem lyk of dit meer semi-vaste koste kan wees, is hulle in elk geval nie veranderlik volgens verkope nie en bly hulle vas vir gewoonlik 'n lang periode. By die toedeling van die koste

tot die prys van produkte kan dit op verskeie maniere gedoen word soos byvoorbeeld per vierkante meter vloeroppervlakte wat die produk op die vloer sal inneem of per verhouding van omset ensovoort. Uit die aard van die saak is dié koste bo-koste en word aan die begin van die periode volgens bogenoemde metodes toegedeel tot die produk. Dit gebeur dan ook gewoonlik dat die koste oor- of onder-toegedeel kan word tot die produk wat dan weer later reggestel moet word wanneer die werklike syfers bekend is. Die oor- of onder-toegedeelde koste word via 'n rekening vir oor- of onder-toegedeelde bo-koste teen die inkomste van die onderneming afgeskryf en dit affekteer dus die inkomstevloei van die onderneming direk.

Voordat egter tot die toedeling van die kostes oorgegaan kan word is dit noodsaaklik dat die onderneming sal beplan wat in die volgende tydperk onder bespreking gaan plaasvind. Die beplanning neem dus gewoonlik die vorm van 'n meestersbegroting aan waarin eerste die verkopesyfers begroot word en daarna die ander toepaslike begrotings volg soos nou aangedui sal word.

### 4.2.2 Begrotingswyse by 'n onderneming

Die begrotingswyse wat by 'n onderneming gevind word kan baie gekompliseer wees of dit kan baie eenvoudig

wees. Wat ookal die wyse van begroting is, kan daar nogtans onderskei word tussen die volgende vereistes wat in 'n begroting teenwoordig moet wees:

(a) <u>Sielkundige vereistes</u>

(i) Deelname aan begroting.
(ii) Terugvoering van inligting.
(iii) Taakbevrediging van partye.
(iv) Aanwending van bestuursvernuf.

(b) <u>Praktiese vereistes</u>

(i) Begrotingskomitee - funksies en funksionering.
(ii) Voortdurende monitor van begroting.
(iii) Onderskeiding van koste.
(iv) Meting teen inkomste.
(v) Opstelling van 'n praktiese begroting.

Die beginsels word oral in die begroting aangetref en daarom is dit nodig om kortliks 'n uiteensetting te gee van die soorte begrotings wat algemeen aangetref word by sulke ondernemings.

4.2.2.1 <u>Verkoopsbegroting</u>

Hierdie aspek van die begroting is gewoonlik van die uiterste belang vir enige beplanning wat hierna volg want die kerngegewens wat vir enige van die ander begrotings van belang is word hierin vasgelê. Die ondernemer bepaal deur middel van marknavorsing of op grond van syfers in die verlede wat die moontlike syfer vir die periode onder begroting sal wees. Die syfer word dan die hele doelwit van

die onderneming in die toekoms en alle werk wat verrig word sal dan mik om die doelwit te kan bereik.

4.2.2.2 Aankoopbegroting

Produkte moet gedurende die tydperk gekoop word sodat daar genoegsame voorraad sal wees om aan die moontlike vraag te kan voldoen. Dit is tog 'n probleem in die meeste ondernemings dat daar nie met een aankoop voldoende voorraad aangekoop kan word vir 'n hele jaar of ander soortgelyke periode onder begroting nie, omdat die bederfbaarheid van goedere sowel as stoorruimte 'n wesenlike probleem is. Aangesien aankope dus nou periodiek moet geskied, kry mens die probleem dat prysverskille gedurig plaasvind en daar dus nie met een vaste begroting klaargekom kan word oor 'n periode nie, maar dat dit nodig is dat aanpassings periodiek sal moet plaasvind, of daar sal van variasierekeninge gebruik gemaak moet word om hierdie veranderinge te boekstaaf. Uiteindelik lei die variasies ook tot die inkomstestate van die onderneming en beïnvloed dit die winste.

4.2.2.3 Bo-koste begroting

Bo-koste in die soort onderneming onder bespreking word gewoonlik in die begrotings toegedeel tot die produkte op 'n vooraf uitgewerkte basis wat kan verskil van soort tot soort onderneming. Sommige ondernemings deel koste toe tot produkte op grond

van verkope as 'n persentasie van kosprys van produk. Die metode is baie eenvoudig en kan soos volg verduidelik word:

Gestel 'n eenheid se eenheidsprys is R1 dan kan die koste om die produk te bemark en te administreer gereken word as byvoorbeeld 20c of 20% van die produkprys. Die wins kan geneem word as 25c of 25%. Die prys uitgewerk is dan R1,45 per eenheid en kan dan dienooreenkomstig bemark word met die wete dat vir elke produk wat verkoop word, dit reeds sy deel lewer om koste in die onderneming te dek.

'n Ander metode wat ook wetenskaplik uitgewerk en beproef is, is waar die koste verdeel word op grond van die rak- of vloerspasie wat dit inneem. Hier word die hele winkel se potensiale ruimte gemeet en toegedeel tot die produkte wat uitgestal moet word. Die verhouding wat 'n produk tot die totale ruimte inneem sal dan die verhouding wees wat die produk bo-koste sal "dra" in die toekoms. Indien die verhouding moeilik berekenbaar is of weens ander tegniese redes onaanvaarbaar is word die eerste metode gewoonlik aangewend.

4.2.2.4 <u>Arbeidsbegroting</u>

Arbeid in hierdie soort ondernemings is gewoonlik beperk tot vaste salarisse van personeel en daarom lewer begrotings hier geen of weinig probleme op en word die bedrag slegs aanvaar en moontlik ekstra begroot vir 'n moontlike salarisverhoging of

aansporingsbonusse wat uitbetaal kan word in die toekoms.

4.2.2.5 Begrote voorrade en inkomste

Dit is noodsaaklik dat die eindvoorrade begroot sal word in eenhede sowel as in totale koste sodat daar vir 'n inkomste begroot kan word. Uit die begrote inkomste kan dan bepaal word of die periode voorhande met vertroue ingegaan kan word en of daar langs die pad sekere aanpassings gemaak sal moet word om wel suksesvol te kan wees. Die begrote wins is dan ook die mikpunt van die onderneming sowel as die spil waarom berekeninge vir uitbreiding gemaak word.

4.2.3 Ander beplannings in 'n onderneming

Daar is nog ander aspekte in enige onderneming wat aandag moet kry behalwe dié wat reeds genoem is. Een van die aspekte is die kapitale uitgawes wat op duursame goedere bestee word. Die wyse van begroting en die uiteindelike aankope verskil, maar nogtans word daar voorsiening gemaak vir sulke uitgawes in die toekoms en die wyse waarop die aankope wel sal plaasvind.

4.3 KRITIEK OP DIE HUIDIGE STELSEL AAN TECHNIKONS

In die voorafgaande paragrawe is kortliks aangetoon hoe 'n begrotingstelsel normaalweg fungeer aan 'n nie-produserende onderneming. Indien die stelsel nou as agtergrond gebruik word en vergelyk word met die stelsel aan technikons (soos bespreek in hoofstuk 3) kan die volgende punte van kritiek aangetoon word:

4.3.1 Bepaling van behoeftes

Soos reeds aangetoon werk 'n technikon aan die eenkant met 'n vaste formule om sy inkomste te bepaal en aan die anderkant het hy 'n vrye hand om sy inkomste aan te vul. Volgens die huidige stelsel word onderskei tussen twee groepe studente (met en sonder spesiale apparaat) by die bepaling van inkomste. Die Groep II studente lewer 'n groter inkomste maar daarteenoor ook 'n groter uitgawe. Die algemene fout wat nou begaan word is dat 'n uitgawe wat hoofsaaklik bedoel is vir 'n Groep II student verhaal word teen die totale inkomste van albei groepe studente wat aan die besondere skool studeer.

Dié handeling is egter foutief aangesien die een groep studente die ander moet subsidieer en in die proses word die kursusgeld van albei dan verhoog. Die wyse van berekening van fooie is nie wetenskaplik gefundeer nie en dit sal elke jaar probleme oplewer by die berekening van 'n verhoging van fooie omdat daar nie 'n basis bestaan waarvolgens die een groep meer moet betaal as die ander nie. Indien daar nou sê byvoorbeeld 'n verskil van R50 per student is tussen Groep I en II studente en daar word besluit om kursusgeld te verhoog met byvoorbeeld 20% sal dit meebring dat die gaping tussen die twee groepe groter en groter word sonder dat daar 'n verduideliking voor is.

As die styging van 20% genoodsaak is deur die aankoop van beter apparaat vir die Groep II studente sou dit

meer aanvaarbaar wees om die koste te verhaal van die studente wat die apparaat gebruik en nie van die ander studente nie. Met die beginsel dat meer betaal word vir gerief en beter fasiliteite kan geen fout gevind word nie, solank dit net nie tot nadeel van ander groepe lei nie.

4.3.2 <u>Verdeling van fondse</u>

Fondse word verdeel tussen die onderskeie skole gewoonlik op die basis van die aantal studente wat die skool lewer. Weer eens het ons hier te doen met die probleem dat skole met meer Groep II studente uit die aard van die saak meer fondse ontvang om in hulle behoeftes te kan voorsien. Skole wat nie oor Groep II studente beskik nie maar tog nog gebruik maak van 'n sekere soort apparaat vir opleiding (soos tikmasjiene) moet egter minder ontvang om by die reël te hou. Die beginsel word egter nie deurgaans gehandhaaf nie en die skole ontvang 'n groter porsie van die inkomste as wat geregverdig tot hulle toegedeel behoort te word.

Dié soort praktyk lei weer eens tot 'n onregverdige verdeling wat reeds in 4.3.1 behandel is.

4.3.3 <u>Begrotingsprosedures</u>

Soos die stelsel op die oomblik werk is daar baie weinig beginsels van normale begrotings in te bespeur. As die stelsels vergelyk word kan die volgende punte van kritiek bespeur word:

4.3.3.1 Sielkundige verskille

(a) Begrotings berus op vertroue: Een van die basiese beginsels wat altyd toegepas moet word is vertroue tussen partye. Die begroting in 'n onderneming of bedryf word opgestel met die samewerking van die persoon wat dit moet uitvoer en hy het ook inspraak in die aard van die items waarvoor begroot word, want hy is tog die persoon wat dit moet uitvoer. So byvoorbeeld kan verkope nie beplan word sonder die verkoopsbestuurder of die produksie sonder die produksiebestuurder nie.

Wanneer die begroting eers opgestel en deur die raad wat daaroor moet besluit goedgekeur is, is dit in die hande van die onderskeie afdelings om dit suksesvol uit te voer. Uitgawes begroot en waarvoor goedkeuring verkry is word nie weer individueel deur die raad goedgekeur die dag as aankope gemaak word nie - daarvoor is reeds goedkeuring verkry. Alleen as 'n uitgawe buite die begrote bedrag of 'n ander item in die plek van 'n goedgekeurde item aangeskaf word, word die aankope vir goedkeuring verwys na 'n senior persoon met die nodige magtiging. Dié reëling word gewoonlik getref om die begrotingskomitee in staat te stel om die nodige aanpassing aan hulle weergawe van die begroting te maak.

Waar 'n drastiese afwyking in die begrotingsbesonderhede plaasvind, genoodsaak dit dikwels dat die hele begroting in heroorweging geneem moet word.

Wanneer dié stelsel nou met die stelsel in werking in 'n technikon vergelyk word, merk ons dat die vertroue-element geskaad word deur die feit dat, nadat die begroting reeds goedgekeur is, dit nogtans weer deur die Adjunk-direkteur goedgekeur moet word vir elke aankoop of aangaan van 'n uitgawe soos begroot. Die feit dat die Assistent-direkteur wat hoof is van 'n skool nie sy eie begroting na goeddunke kan uitvoer nadat dit goedgekeur is nie, wys daarop dat die wedersydse band van vertroue in die begroting en hantering van sake uit die begroting ontbreek.

(b) Deelname: Soos reeds tot 'n mate in punt (a) aangetoon moet daar deelname wees van alle belanghebbende partye by die opstel en uitvoering van die begroting. By dié punt skiet die technikon se stelsel ook tekort, want hier het ons in 'n meerdere mate te doen met 'n uitvoering van opdragte in plaas van die gesamentlike besluitneming oor begrotingsaspekte.

(c) Terugvoering: Daar word verwag dat daar 'n tweerigting-kommunikasie sal wees tussen wat begroot is en wat vermag is. Die terugvoering wat gewoonlik by 'n technikon bestaan is slegs

by wyse van kontrole of syfers in begroting genoem nie dalk oorskry word nie.

(d) Taakbevrediging: 'n Persoon wat met sy dagtaak daagliks besig is strewe na die bevrediging wat die taak hom bied. Indien die taak nou die opstelling en kontrole van begrotings is, moet dit hom bevredig in die wete dat sy beplanning goed en reg gedoen is en dat alle afdelings wat met die begroting gemoeid is goed saamwerk en gemeenskaplik strewe daarna om die saak te laat slaag.

By technikons ontbreek die samewerking dikwels en ly produktiwiteit daaronder. Persone sien dan elke taak aan hul opgedra in 'n geïsoleerde kompartement wat niks met die breë geheel te doen het nie. Dikwels word die afhandeling van take ook bemoeilik deur onnodige rompslomp wat eie aan staatsdepartemente is en dit smoor die bevrediging wat persone uit hulle take put.

(e) Gebruik van bestuursvernuf: 'n Bestuurder is 'n persoon wat sekere beginsels en kwaliteite moet saamvoeg in sy uitlewing van sy posisie as bestuurder. Hy sal dus vernuf aan die dag moet lê om die begroting, soos beplan, te kan laat slaag. Inflasie, die beskikbaarheid al dan nie van begrote items, rentekoerse en ander soortgelyke aspekte is maar enkele voorbeelde van daaglikse struikelblokke wat sy bestuursvernuf toets. Die mate waarin hy in

die toets slaag sal bepaal of hy 'n goeie of swak bestuurder is. Indien hy slaag met 'n gegewe begroting is dit 'n prestasie, maar indien hy nogtans kan spaar op begrote bedrae sonder dat produktiwiteit daaronder ly, is dit 'n groter prestasie.

In die bespreking van die begrotingsprosedure aan 'n technikon is vermeld dat skole self aankope van begrote items waarneem en dat bedrae onder-bestee na 'n algemene reserwefonds oorgeplaas word en dus vir die skool verlore is. Dié beginsel vergeleke met die beginsel van bestuursvernuf wys duidelik daarop dat geen hoof van 'n skool moeite sal doen om enige besparing in die hand te werk nie, want sy skool trek geen voordeel daaruit nie. Dit lei dan tot oorbesteding sowel as roekeloosheid in die hantering van die begroting. Dit is dikwels die geval dat 'n begrote item in 'n begroting sonder rede gedurende die begrotingstydperk deur hoër gesag geskrap word.

4.3.3.2 Praktiese verskille

Verder kan ons nog sekere praktiese vereistes onderskei wat gewoonlik nodig is om 'n begroting suksesvol te bedryf.

(a) Begrotingskomitee: Dié komitee bespreek en bepaal die behoeftes van elke afdeling in medewerking met die betrokke afdeling onder begroting. Dit is dan ook 'n punt van kritiek

teen technikons want gewoonlik word die begroting slegs saam met die hoof van 'n skool deurgegaan nadat dit reeds opgestel is en dan is die doel van die bespreking gewoonlik om aan te toon waar die begroting oorskry word ten opsigte van voorafbepaalde norme waarby die hoof geen insae gehad het nie.

(b) Voortdurende monitor: Die begroting moet gedurig aan die werklike omstandighede getoets word sodat afwykings bepaal en reggestel kan word. Al monitor wat plaasvind in die situasie van 'n skool aan 'n technikon, is of alle items voor begroot wel aangekoop is en hoeveel fondse nog beskikbaar is. Daar is nie wedersydse samewerking tussen skole nie, behalwe om te bepaal of een skool nie bevoordeel word bo 'n ander nie.

(c) Aanwending van begrote fondse: Besighede van groot omvang soos 'n technikon het gewoonlik 'n sentrale aankoopbestuurder wat alle aankope namens die besigheid hanteer. Dit bring mee dat die beste moontlike prys beding kan word wat tot voordeel van die besigheid strek.

By die technikon (soos aangetoon) doen elke skool sy eie aankope wat dan uit die aard van die saak beperk is tot klein aankope en daar is dus geen bedingingsmag vir goeie pryse nie. Hierdie saak alleen kos die technikon baie aan

onnodige hoë pryse wat meer ekonomies aangewend kan word tot die vermindering van kursusgeld van studente.

4.3.3.3 <u>Kortkursusse</u>

Kritiek op die hantering van kortkursusse aan skole kan hoofsaaklik verdeel word onder

(a) goedkeuringswyse en
(b) aanwending.

(a) Goedkeuringswyse: Vroeër in die studiestuk is die wyse aangetoon waarop goedkeuring verleen moet word voordat kursusse aangebied mag word. Om onnodige hantering van briewe uit te skakel behoort die kursus toegelaat te word om gedurig herhaal te word op dieselfde basis as waarop dit oorspronklik goedgekeur is, dit wil sê solank die kursus ekonomies bedryf word moet dit voortgaan. Slegs 'n opsomming na afloop van die kursus (Bylae 7) word ingestuur om aan te toon wat die finansiële posisie van die kursus was.

Indien omstandighede verander wat die oorspronklike aansoek voorafgegaan het, sal dit nodig wees om 'n nuwe aansoek in te handig vir goedkeuring van die veranderde omstandighede.

(b) Aanwending: Aanwending kan verdeel word in twee aspekte:

(i) Aanwending van kursus: Soos die aanwending tans is, is dit intensief en dit is ook die metode wat gevolg moet word.

(ii) Aanwending van surplusfondse: Volgens die huidige stelsel word die surplusfondse verdeel op 'n 50% grondslag tussen 'n sentrale navorsingsfonds en die skool-trustfonds. Die verdeling is egter nie na wense nie aangesien die navorsingsfonds en skool-trustfonds reeds 'n deel van die kursusgeld kry in die vorm van een derde van die totale direkte koste.

Die totale oorskot behoort tot die beskikking van die skool gestel te word vir die ontwikkeling van nuwe kortkursusse, of vir die daarstelling van 'n fonds wat navorsing in goedgekeurde projekte aan die skool finansier op 'n Ad Hoc basis, of op enige ander wyse waaroor die hoof en personeel van 'n skool mag besluit om die skool en studente van die skool te mag bevorder.

Dit gebeur dat sekere van die kortkursusse meer gewild is as ander maar die ander kursus is meer belangrik vir die privaatsektor maar beskik oor minder studente en daarom moet toegelaat word dat een kursus die ander subsidieer.

Tariewe betaal aan lektore is soms te

> laag en hou nie tred met vergoeding in die praktyk nie en daarom trek sekere kursusse dan ook nie die ware vakspesialis wat dit behoort te trek nie.

Nieteenstaande die kritiek op 'n kortkursus is dit eintlik die enigste kursus wat werklik goed beplan en wetenskaplik ekonomies bedryf word.

## 4.4 SAMEVATTING

Die probleme wat hoofsaaklik aan 'n technikon ondervind word het deur die jare vasgegroei in 'n tipiese staatsopset en dit maak dit moeilik om te beoordeel omdat daar gewoonlik nie afgewyk word van bestaande tradisie nie.

Aan die eenkant word inkomste bepaal deur die staat en aan die anderkant word 'n vrye hand gegee waarvolgens fondse bekom kan word. Dit is nie nodig dat stelsels so lomp en onbuigbaar gestel word nie en daarom is daar gepoog om 'n meer soepel stelsel te formuleer soos aangetoon in hoofstuk 5.

# HOOFSTUK 5

## SINOPSIS

Om die studie sinvol af te sluit word in hierdie hoofstuk 'n stelsel bespreek wat waarskynlik 'n beter stelsel sal wees as dié een tans in gebruik. Die hoof-oogmerk van die voorgestelde stelsel is dan ook om die skole waarvan 'n Skool vir Rekeningkunde een is, meer selfbeslissend te maak sodat die skool oor sy eie begroting kan besluit en dit tot uitvoer kan bring. Groter verantwoordelikheid word ook voorgestel vir alle lede in die skool ten opsigte van die begroting.

INHOUD


5.1 INLEIDING 68

5.2 BEGROTINGSKOMITEE 69

5.2.1 Algemene begrotingskomitee 69

5.3 BEGROTINGSPUNTE 70

5.3.1 Begrotingsprosedure by 'n Skool vir Rekeningkunde 70

5.4 SAMEVATTING 78

# HOOFSTUK 5

## 5.1 INLEIDING

Enige begroting van watter aard ookal moet aan sekere beginsels voldoen as dit aan die vereistes van bestuur moet voldoen. Aan die hand van hierdie bekende beginsels word 'n begrotingsprosedure vir 'n technikon saamgestel.

Die beginsels wat gebruik word is eenvoudig en is die fondament waarop alle besighede wat sukses nastreef hulle ondernemings bou. Dit is moontlik om 'n begroting op te stel sonder die gebruikmaking van die beginsels en dit dan op die personeel van die onderneming af te forseer om dit uit te voer, maar so 'n begrotingsprosedure werk teenkanting in die hand en kweek 'n houding van onverskilligheid. Omdat 'n technikon in 'n groot mate gebruik maak van 'n forseerde begroting is dit die doel van hierdie hoofstuk om te probeer om 'n stelsel daar te stel wat in lyn is met erkende neergelegde reëls maar tog die stelsel vrymaak van die stramheid wat dit kenmerk.

Enige begroting wat begin word het 'n kernfaktor waarom die hele begroting wentel, dit wil sê 'n beginpunt wat bepaal moet word wat as uitgangspunt dien en waarop die een na die ander begroting gebou word. By 'n onderneming is dit gewoonlik die verkope en daarom moet eerste die verkoopsbegroting opgestel word en daarna die ander soorte begrotings in 'n logiese volgorde. Met dié beginsel in gedagte sal die begrotings-

prosedure aan 'n technikon die volgende weg volg. Dit is vir die voorgestelde werkswyse uiters belangrik dat die skool meer betrokke raak by sy begroting, die beplanning sowel as die uitvoering daarvan. Deurgaans sal aangetoon word wat die skool se rol is en hoe lede van die skool betrek moet word by die werkswyse.

## 5.2 BEGROTINGSKOMITEE

Hier word onderskei tussen twee soorte komitees wat deel sal hê aan die begrotingsprosedure by 'n technikon.

### 5.2.1 Algemene begrotingskomitee

Die komitee word saamgestel deur die direkteur van die technikon en vorm die beherende liggaam wat al die begrotings van die verskillende skole moet nagaan en goedkeur. Die samestelling van die komitee sal wees die Adjunk-direkteure, die Registrateur asook die Assistent-registrateur Finansies. Wanneer die betrokke skool se begroting onder bespreking kom, moet die hoof van die skool deelneem aan die vergadering van die komitee om sy begroting te motiveer.

Die algemene pligte van die komitee kan soos volg opgesom word:

(a) Uitreiking van begrotingsinstruksies, werkwyses en tyd van inhandiging.

(b) Reël van begrotingsvergaderings.

(c) Goedkeuring van begrotings van skole.

(d) Kontrole: verslae ontleed en interpreteer.

(e) Wysigings en regstellings aan begrotingsmagtiging.

Uit die pligte van die begrotingskomitee blyk dit duidelik dat die komitee 'n beherende rol sal speel in die hele proses van begrotings. Die werklike beplanning en koördinering van die begrotings word aan die onderskeie skole oorgelaat soos aangetoon sal word.

## 5.3 BEGROTINGSPUNTE

Die begrotingspunte wat hier onderskei word is die onderskeie skole. Die prosedure wat gevolg word sal almal dieselfde wees as dié wat bespreek word vir 'n Skool vir Rekeningkunde.

### 5.3.1 Begrotingsprosedure by 'n Skool vir Rekeningkunde

As aanvaar word dat daar op die huidige stadium geen erkende stelsel bestaan waarvolgens die begroting hanteer word aan 'n Skool vir Rekeningkunde nie, wil ons die volgende prosedure stap vir stap instel:

STAP 1: Daarstelling van interne begrotingskomitee

Dit is uiters noodsaaklik dat die personeel in senior posisies meer betrokke raak by die daarstelling van 'n begroting van die skool. Om die saak te kan bevorder word 'n begrotingskomitee uit die volgende lede saamgestel:

- Assistent-direkteur (hoof en sameroeper)
- Departementshoof Kosterekeningkunde
- Departementshoof Finansiële Rekeningkunde
- Departementshoof Regte
- Departementshoof Elektroniese Dataverwerking
- Departementshoof Maatskappy Administrasie (sekretaris)

Omdat elk van die lede aan die hoof van 'n eie afdeling in die skool staan is dit dan ook elke lid se plig om sy eie mini-begroting op te stel waarin hy die behoeftes van sy afdeling duidelik aanstip en goed motiveer.

Verdere pligte wat aan die komitee toegeken kan word is:

(a) Konsolidering van alle mini-begrotings in 'n gesamentlike begroting vir die skool.

(b) Besluitneming oor die afwykings vanaf begroting.

(c) Beplanning vir die uitbou van die skool se kursusse.

(d) Kontrole en ontleding van kwartaallikse vorderingsverslae.

Deur die hoofde van departemente verantwoordelik te maak vir 'n deel van die begroting wat op sy afdeling van toepassing is, gee mens hom 'n sterk verantwoordelikheidssin wat die toepassing van die begroting grootliks vergemaklik. Mense wil betrokke wees en die vertroue wat so gestel word, word gewoonlik met lojaliteit beantwoord. Hoofde voer nou nie net beleid uit nie, maar skep dit ook.

In die uitvoering van die pligte deur die komitee is dit nodig dat verslae gereeld ontvang word deur hoofde en in-diepte deur die komitee bespreek en geanaliseer word. Deur hierdie metode kan probleme wat ontstaan vroegtydig ontdek en uitgeskakel word. Vordering kan gesien word soos die begrote periode vorder en inkorting of uitbreiding van aktiwiteite

kan bespreek word.

STAP 2: Bepaling van moontlike studentegetalle (VTE's)

Dié stap is 'n belangrike stap wat deur elke departementshoof gedoen moet word vir sy departement. Die wyse waarop die beplanning gedoen word is:

(i) Neem huidige VTE as basis.

(ii) Bepaal die neiging in die verlede ten opsigte van styging of daling in getalle.

(iii) Bepaal wat die algemene tendens is in dié technikon en ander technikons.

(iv) Bepaal of daar enige buite-faktore is wat die getalle mag beïnvloed soos ekonomiese slapte of wetgewing.

Met inagneming van alle moontlike faktore bepaal dan 'n begrote syfer vir die VTE wat in die volgende periode verwag kan word. Die syfer moet so noukeurig as moontlik bepaal word want alle berekeninge in die begroting van die skool sal daarop berus.

STAP 3: Bepaling van behoeftes

Dit is eerstens nodig om die begrip "behoefte" van naderby te omskryf. Onder die begrip "behoefte" word verstaan aspekte soos personeelvoorsiening, akkommodasie, hulpmiddele ensovoort, dit wil sê alles wat nodig is om die student aan die skool doeltreffend op te lei.

Elke departementshoof moet 'n berekening maak van wat hy in die komende jaar sal benodig om die studente-

getal wat hy in Stap 2 bepaal het doeltreffend te kan akkommodeer. Die berekening wat hy aan die begrotingskomitee genoem in Stap 1 moet voorlê sal op die volgende grondslag bereken word:

(a) Bepaal of huidige lektore die studente sal kan onderrig en of daar nuwe aanstellings nodig is. Daar moet in gedagte gehou word dat die lektore voldoende moet wees om ook deeltydse klasse te kan waarneem.

(b) Bepaal of die bestaande klasakkommodasie voldoende sal wees om alle studente te kan huisves. Indien nie, moet ruimte bygehuur of gekoop word wat weer 'n ekstra las op die technikon as geheel sal plaas.

(c) Stel 'n begroting saam van ander uitgawes met 'n volledige motivering van die doel van aankope onder die volgende hoofde (Bylae 8):

  (i) Direkte onderriguitgawes.
  (ii) Bedryfsuitgawes.
  (iii) Kapitale uitgawes.
  (iv) Uitstallings.
  (v) Diverse uitgawes.

Hier moet die departementshoof sy uitgawes baie noukeurig beplan sodat hy nie onnodige koste op sy afdeling plaas nie en sodoende die kursusgeld van sy studente verhoog nie, maar ook nie sy afdeling afskeep en nie sy kursus tot sy reg kan laat kom nie.

(d) Bepaal 'n moontlike kursusfooi vir sy departement deur die totale uitgawes te deel met die moontlike aantal studente. Die fooi word deur die staat gesubsidieer soos reeds bespreek is in hoofstuk 3 en daarom kan die voorgestelde fooi wat bereken word die volgende doel dien:

(i) Dit gee 'n basis waarop die studentegelde vasgestel word aan die technikon.

(ii) Dit gee die sekerheid dat elke skool se studente in 'n mate voorsien in hulle eie behoeftes en nie deur 'n ander groep gesubsidieer word nie.

(iii) Besparings in die toekoms deur 'n skool kan sinvol bydra tot die stabilisering van fooie in sodanige skole.

<u>STAP 4</u>: Voorlegging aan begrotingskomitee van skool

Nadat elke departementshoof sy eie begroting opgestel het en deeglik daaroor besin het, word daar 'n vergadering van die skool se begrotingskomitee belê wat dan elke departement se begroting bespreek (wysig indien nodig) en dan konsolideer in 'n gesamentlike begroting vir die skool. Dit is dan die begroting wat die Assistent-direkteur van die skool op die vergadering van die algemene begrotingskomitee van die technikon aan die komitee voorlê vir goedkeuring.

STAP 5: Voorlegging van die skool se begroting aan algemene begrotingskomitee

Nadat die begroting van die skool in sy geheel deur die algemene begrotingskomitee goedgekeur is en alle nodige wysigings aangebring is sodat die begroting saam met die ander skole se begrotings inpas by die totale opset van die technikon, word die begroting deur die Assistent-direkteur van 'n skool in sy skool in werking gestel.

Indien daar aan die begroting van 'n skool wysigings aangebring is wat baie verskil van die oorspronklike, moet die verskille deurgewerk word na die onderskeie begrotings van elke departement. Die hoof van elke departement ontvang nou sy eie begroting en hy is verantwoordelik vir die uitvoering daarvan en moet gereeld aan die skool se begrotingskomitee hieroor verslag doen.

STAP 6: Terugvoering aan skool-begrotingskomitee

Gedurende die tydperk onder begroting sal dit gebeur dat sekere sake waarvoor begroot is nie meer uitvoerbaar is of in onbruik geraak het, waar daar dan in die kwartaallikse verslag van die hoof verslag hieroor gedoen moet word aan die begrotingskomitee. Daar kan dan besluit word om die saak te wysig binne die perk voor begroot of die geld kan oorstaan tot die volgende jaar.

Die doel van verslagdoening is dan ook dat bedryfsuitgawes soos voor begroot (Bylae 8) noukeurig aangewend kan word en deur die rekenaar van die

technikon gereeld voorsien kan word van 'n drukstuk wat aantoon hoeveel geld verder beskikbaar is vir aanwending. Die metode maak dit maklik om binne perke van die begroting te bly en selfs te kan bespaar waar nodig.

STAP 7: Afhandeling van begroting

Omdat geen begroting perfek opgestel kan word nie, sal dit absoluut noodsaaklik wees om die begroting so saam te stel dat dit 'n mate van beweeglikheid toelaat en die uitbreiding van aankope binne perke toelaat. Deurdat departementshoofde oor hulle eie begrotings besluit en waak maak dit hulle verantwoordelik vir iets en bevorder dit ook samewerking tussen afdelings.

Die Assistent-direkteur kry 'n doel vir sy skool en met meer ywer sal gepoog word om elke jaar beter as die vorige jaar te presteer en hy sal sy personeel kan inspireer om ook hulle beste te lewer sodat die begroting kan slaag. Wanbesteding van fondse kan aan bande gelê word en besparings in moeilike tye kan makliker deur skole bewerkstellig word.

Die aankoop van kapitaalgoedere behoort deur 'n sentrale liggaam behartig te word omdat sekere items waarvoor begroot word van algemene belang is wat deur alle skole aan die technikon benodig word. Die items wat gewoonlik hierdeur geraak word, is meublement, onderrigmateriaal en skryfbehoeftes. Deur die aankope te sentraliseer kan 'n beter prys met die verskaffer beding word en neem dit onnodige

administratiewe werk weg van die skole wat in elk geval nie vir die taak opgelei is nie.

Rekwisisies vir kleinere werke word nog steeds uitgemaak en deurgestuur na die instandhoudingsafdeling vir werke wat by die skool gedoen moet word. Hierdie uitgawe word teen die skool gekrediteer.

Ander rekwisisies vir skryfbehoeftes of meubels (kantoor en klaslokaal) word teen die begroting van die betrokke departement wat daarom vra gekrediteer. Ander items op Bylae 8 gespesifiseer sal deur die begrotingskomitee verdeel word sodat elke departementshoof sy regmatige deel van die begroting kry en die aanwending van die fondse bly sy verantwoordelikheid. Onderlinge toutrek om fondse vir seminare of reiskoste word uitgeskakel.

<u>STAP 8</u>: Beplanning van kortkursusse

Die beplanning soos op die oomblik van toepassing bly dieselfde, behalwe dat die Assistent-direkteur wat hoof is van 'n skool besluite neem oor die wenslikheid al dan nie van die kursus asook of die kursus ekonomies aangewend kan word. Dit skakel baie papierwerk uit en bevorder groter selfstandigheid aan elke skool.

Oorskotte word aangewend om enige tekorte wat mag ontstaan by kortkursusse te verhaal en die restant word tot die krediet van die skool geplaas om later aangewend te word vir spesiale projekte of uitbreidings wat vir 'n skool beoog word.

STAP 9: Analise van begrotings

Aan die einde van elke begrote tydperk moet die begroting van die jaar in oënskou geneem word om te bepaal of die begroting volgens plan verloop het en of daar baie afgewyk moes word van die begroting.

Alle afwykings word geanaliseer om vas te stel wat dit veroorsaak het en watter stappe geneem kan word om 'n herhaling daarvan in die toekoms teen te werk. Nadat die sake deeglik deur die skool se begrotingskomitee opgeklaar is word 'n verslag saamgestel wat aan die algemene komitee voorgelê word met aanbevelings vir die volgende boekjaar.

Deur hierdie verslag so volledig moontlik te maak dra dit baie by tot die verbetering van die stelsel. Aan die begin sal dit moeilik gaan om alle aspekte van die totale omvattende begroting van die technikon op die rekenaar te plaas maar die fasiliteite is daar asook die kundigheid om dit te kan doen.

As die insette op die rekenaar gedoen is, kan 'n baie goeie stelsel uitgebou word wat die technikon van baie sleurwerk en foute kan vrywaar.

## 5.4 SAMEVATTING

Met hierdie hoofstuk is gepoog om 'n vereenvoudigde stelsel daar te stel wat die begrotingsprosedure aan 'n Skool vir Rekeningkunde kan vergemaklik en ook verantwoordelikheid toe te ken aan hoofde van departemente sowel as om die Assistent-direkteur meer betrokke te maak by besluitnemings wat sy skool raak.

Die stelsel wat voorgestel is, is geensins sonder gebreke en daar word ook nie beweer dat dit perfek is nie, maar nogtans sal dit 'n beter resultaat lewer as dié stelsel wat tans in werking is.

Deurgaans deur die ondersoek is syfers nie as belangrik beskou nie maar eerder die stelsel. Waar daar wel syfers genoem word was dit as voorbeeld en dui op geen definitiewe situasie wat bestaan nie.

## SUMMARY

The study regarding the cost aspect of the School of Accountancy at the Technikon Witwatersrand required an examination and analysis of the various methods and procedures employed by Technikons in this regard.

Chapter 2 contains a brief history of Technikons, legislation pertaining to these institutions, their strûcture and internal organisation.

The existing system of dealing with costs and revenue and the budget procedures are described in chapter 3. In this connection it is pointed out that all organisations, whether they are producing concerns or educational institutions have to recognise the essential principles of cost and management accounting. As a background to these principles an analysis of the present method of calculating the cost of a study course and the formula used are presented.

Chapter 4 contains a discussion of a cost system and its application in a service organisation.

A cost and budget system which would probably better suit the requirements of a Technikon is described in chapter 5. The main objective of the new system is to allow departmental ("school") officials to share in the responsibilities of operating a department. The total lack of opportunity to use inisiative was the main reason for this work.

BRONNELYS

1. AMEY, L R and EGGINTON, D A, 1979. Management Accounting A Conceptual Approach. London. Longman.

2. BIERMAN, H and SMIDT, S, 1975. The Capital Budgeting Decision (4th Ed). New York. MacMillan.

3. BUYERS, C I and HOLMES, G A, 1973. Principles of Cost Accounting (4th Ed). London. Cassel.

4. CASHIN, J A and POLIMENI, R S, 1981. Cost Accounting. New York. McGraw-Hill.

5. COPELAND, B R and SULLIVAN, N G, 1978. Cost Accounting Accumulation Analysis and Control. New York. West Publishing Co.

6. GARRISON, R H, 1982. Managerial Accounting (3rd Ed). Plano Taxes Business Publications.

7. HARTLEY, R V, 1982. Cost and Managerial Accounting. Boston. Allyn and Bacon Inc.

8. HOUCH, L D Jr, 1981. A Practical Guide to Budgetary and Management Control Systems. Toronto. D C Heath.

9. HORNGREN, C T, 1982. Cost Accounting A Managerial Emphasis (5th Ed). London. Prentice Hall International.

10. MOST, K S and LEWIS, J L, 1982. Cost Accounting. Columbus. Ohio Grid Publishing Inc.

11. NEUNER, J J W and DEAKIN, E B, 1977. Cost Accounting Principles and Practice (9th Ed). Homewood Illinois. R D Irwin Inc.

12. RAYBURN, L G, 1983. Principles of Cost Accounting : Managerial Applications (Revised Ed). Homewood Illinois. R D Irwin Inc.

13. SHILLINGLAW, G, 1982. Managerial Cost Accounting (5th Ed). Homewood Illinois. R D Irwin Inc.

14. SORGDRAGER, A J E, TROMP, D and SIMPSON, L G L, 1983. Cost Accounting. Johannesburg. McGraw-Hill.

15. STONER, J A F, 1982. Management (2nd Ed). Englewood Cliffs. Prentice Hall International.

16. TUCKER, SPENCER A, 1981. Profit Planning Decisions with the Break-even System. Hampshire. Gower.

17. VAN HORNE, J, 1980. Financial Management and Policy (5th Ed). London. Prentice Hall International.

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

**PRICE (GST included) 30c PRYS (AVB ingesluit)**
**ABROAD 40c BUITELANDS**
**POST FREE · POSVRY**

L. 217 CAPE TOWN, 6 JULY 1983 KAAPSTAD, 6 JULIE 1983 No. 8791


OFFICE OF THE PRIME MINISTER

. 1464. 6 July 1983

t is hereby notified that the State President has ented to the following Act which is hereby published general information:—

. 84 of 1983: Advanced Technical Education Amendment Act, 1983.

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1464. 6 Julie 1983

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 84 van 1983: Wysigingswet op Gevorderde Tegniese Onderwys, 1983.

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

________ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

---

# WET

**Tot wysiging van die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, 1967, ten einde sekere uitdrukkings te vervang of te omskrywe of nader te omskrywe; die bevoegdhede van 'n technikon betreffende die uitleen of leen van geld uit te brei; 'n studieraad van 'n technikon deur 'n akademiese raad te vervang; die aanstelling van die hoof van 'n technikon verder te reël; die ledetal van die raad van 'n technikon te verminder en sodanige raad se bevoegdhede uit te brei; vir die diensstaat by en die inskrywing van studente aan technikons verdere voorsiening te maak; die instelling van studiekursusse by technikons verder te reël en vir die instelling van sekere skole by technikons voorsiening te maak; inspeksies van technikons af te skaf; die afneem van eksamens verder te reël; nuwe voorsiening te maak betreffende die voorwaardes onderworpe waaraan subsidies aan technikons betaal kan word; 'n Komitee van Technikonhoofde in te stel en sy werksaamhede te omskrywe; sekere misdrywe te skep; die delegering van bevoegdhede verder te reël; en sekere teksveranderinge aan te bring; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 27 Junie 1983.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 40 van 1967, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 69 van 1973, artikel 1 van Wet 43 van 1979 en artikel 1 van Wet 11 van 1981.**

1. Artikel 1 van die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, 1967 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—

*(a)* deur die volgende omskrywing voor die omskrywing van ,,Direkteur-generaal" in te voeg:
,,'akademiese raad' die akademiese raad van 'n technikon, vermeld in artikel 9;";

*(b)* deur die omskrywing van ,,Direkteur-generaal" deur die volgende omskrywing te vervang:
,,'Direkteur-generaal' die Direkteur-generaal: Nasionale Opvoeding en, by die toepassing van artikel 28A, met betrekking tot 'n technikon ingestel by of kragtens 'n wet wat deur die Minister van Binnelandse Aangeleenthede uitgevoer word, daardie Direkteur-generaal handelende in oorleg met die Direkteur-generaal: Binnelandse Aangeleenthede;";

*(c)* deur die omskrywing van ,,hoof" deur die volgende omskrywing te vervang:
,,'hoof' die hoof of **[direkteur]** rektor, na gelang van die geval, van 'n technikon aangestel kragtens artikel 7 (1) en ook 'n waarnemende hoof aangestel kragtens artikel 7 (3);";

*(d)* deur na die omskrywing van ,,hoof" die volgende omskrywing in te voeg:
,,'komitee van hoofde' die Komitee van Technikonhoofde by artikel 28 ingestel;";

(e) deur die omskrywing van „Minister" deur die volgende omskrywing te vervang:

„‚Minister' die Minister van Nasionale Opvoeding en, by die toepassing van artikel 28A, met betrekking tot 'n technikon ingestel by of kragtens 'n wet wat deur die Minister van Binnelandse Aangeleenthede uitgevoer word, die Minister handelende in oorleg met die Minister van Binnelandse Aangeleenthede;";

(f) deur na die omskrywing van „Minister" die volgende omskrywing in te voeg:

„‚naskoolse onderwys' onderrig en opleiding—

(a) wat verskaf word met die oog op die uitoefening van 'n beroep; en

(b) wat hoofsaaklik bedoel is vir persone wat nie ingevolge 'n bepaling van die een of ander wet aan skoolplig onderworpe is nie of wat van so 'n bepaling vrygestel is,

maar nie ook onderwys bedoel in paragraaf (a) of (d) van artikel 14 van die Wet op Finansiële Verhoudings, 1976 (Wet No. 65 van 1976), nie;";

(g) deur die skrapping van die omskrywing van „studieraad"; en

(h) deur die omskrywing van „technikon" deur die volgende omskrywing te vervang:

„‚technikon' 'n inrigting vir gevorderde tegniese onderwys wat kragtens hierdie Wet ingestel is of geag word ingestel te wees en, by die toepassing van artikels 28 en 28A, ook 'n technikon soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys vir Indiërs, 1968 (Wet No. 12 van 1968), en die Technikon Skiereiland, ingestel by artikel 2 van die Wet op die Technikon Skiereiland, 1982 (Wet No. 52 van 1982).".

**Wysiging van artikel 2 van Wet 40 van 1967, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 43 van 1979.**

**2.** Artikel 2 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur subparagraaf (ii) van paragraaf (a) van subartikel (2) deur die volgende subparagraaf te vervang:

„(ii) in die geval van studente wat nie meer kragtens 'n wetsbepaling verplig is om 'n skool by te woon nie, op 'n deeltydse grondslag die **[sekondêre en ander]** naskoolse onderwys,"; en

(b) deur subartikel (3) te skrap.

**Wysiging van artikel 3 van Wet 40 van 1967, soos gewysig deur artikel 3 van Wet 43 van 1979.**

**3.** Artikel 3 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die voorbehoudsbepaling daarby deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

„Met dien verstande dat geen technikon sonder die goedkeuring van die Minister sy onroerende goed mag verhuur vir 'n tydperk van langer as een jaar, verkoop, verruil of op 'n ander wyse vervreem of aan iemand 'n saaklike reg of serwituut daarop mag verleen **[of geld uitleen of leen]** nie.".

**Wysiging van artikel 6 van Wet 40 van 1967, soos gewysig deur artikel 6 van Wet 43 van 1979.**

**4.** Artikel 6 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf (c) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(c) 'n **[studieraad]** akademiese raad; en".

**Wysiging van artikel 7 van Wet 40 van 1967, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 43 van 1979.**

**5.** Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende voorbehoudsbepaling by te voeg:

„Met dien verstande dat die Minister ten opsigte van 'n bepaalde technikon kan bepaal dat bedoelde aanstelling sonder sy goedkeuring gedoen kan word.".

**Wysiging van artikel 8 van Wet 40 van 1967, soos gewysig deur artikel 8 van Wet 43 van 1979.**

**6.** Artikel 8 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur paragraaf (b) van subartikel (1) te skrap;

(b) deur paragraaf (c) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„*(c)* **[een of]** twee persone **[soos die Minister van tyd tot tyd bepaal,]** gekies, op die wyse by regulasie voorgeskryf, deur persone **[(uitgesonderd plaaslike besture)]**, wat, volgens 'n regulasie, donateurs is uit hoofde van skenkings deur hulle aan die technikon gedoen;";

*(c)* deur paragraaf *(e)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„*(e)* die persone wat die Minister **[behoudens die bepalings van subartikel (3)]** aanstel;";

*(d)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) Die raad bestaan uit minstens **[vyftien]** tien en hoogstens **[dertig]** twintig lede.";

*(e)* deur subartikel (3) te skrap;

*(f)* deur die volgende voorbehoudsbepaling by paragraaf *(a)* van subartikel (4) te voeg:

„Met dien verstande dat by die eerste verkiesing en aanstelling van lede van die raad ingevolge paragrawe *(c)*, *(d)*, *(e)* en *(f)* van subartikel (1) na die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Gevorderde Tegniese Onderwys, 1983, die helfte van hulle deur die lot aangewys hul amp vir 'n termyn van twee jaar beklee."; en

*(g)* deur die volgende subartikels by te voeg:

„(9) Die raad kan komitees van die raad aanstel wat uit lede van die raad of uit lede van die raad sowel as ander persone bestaan, en kan aan so 'n komitee wat uitsluitlik uit raadslede bestaan enige van die raad se bevoegdhede of werksaamhede delegeer of opdra: Met dien verstande dat die raad nie ontdoen is van 'n bevoegdheid of werksaamheid wat aldus gedelegeer of opgedra is nie, en dat 'n besluit deur so 'n komitee geneem by die uitoefening of verrigting van 'n bevoegdheid of werksaamheid wat aldus gedelegeer of opgedra is, deur die raad op sy eerste vergadering nadat die besluit geneem is, gewysig of tersyde gestel kan word.

(10) Die gelde betaalbaar aan 'n technikon deur—

*(a)* 'n student aan die technikon vir onderwys en opleiding aan hom deur die technikon verskaf;

*(b)* 'n student aan die technikon of 'n lid van die doserende, administratiewe of klerklike personeel of 'n ander werknemer van die technikon vir inwoning by 'n verblyfplek deur die raad verskaf,

is dié wat die raad bepaal.".

Vervanging van artikel 9 van Wet 40 van 1967, soos gewysig deur artikel 9 van Wet 43 van 1979.

**7.** Artikel 9 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Akademiese raad van 'n technikon.

**9.** (1) Die **[studieraad]** akademiese raad van 'n technikon bestaan uit—

*(a)* die hoof, wat voorsitter van die **[studieraad]** akademiese raad is;

*(b)* twee ander lede van die raad deur die raad aangewys, wat hul amp beklee solank dit die raad behaag; **[en]**

*(c)* die lede van die doserende personeel van die technikon wat die raad van tyd tot tyd bepaal;

*(d)* die lede van die nie-doserende personeel van die technikon wat die raad van tyd tot tyd bepaal; en

*(e)* een persoon benoem deur die technikon se tak van die Dosente-vereniging van die Suid-Afrikaanse Technikons, en wat deur die raad aangestel word.

(2) Die **[studieraad]** akademiese raad van 'n technikon—

*(a)* oefen die bevoegdhede van organisasie van en beheer oor die onderrig en tug van die studente **[en leerlinge]** aan die technikon uit wat die raad aan hom toewys;

*(b)* dien die raad van advies met betrekking tot 'n aangeleentheid wat die raad na die **[studieraad]** akademiese raad vir sy advies verwys; **[en]**

*(c)* kan die aanbevelings betreffende akademiese aangeleenthede van belang vir die technikon wat hy dienstig ag, aan die raad doen; en

*(d)* verrig die werksaamhede wat van tyd tot tyd deur die raad aan hom opgedra word.".

**Wysiging van artikel 10 van Wet 40 van 1967, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 69 van 1973 en artikel 9 van Wet 43 van 1979.**

**8.** Artikel 10 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Die diensstaat by 'n technikon **[bestaan uit—**

***(a)*** **die poste ten opsigte waarvan die Minister van tyd tot tyd 'n grondslag vasstel; en**

***(b)*** **die ander poste ten opsigte waarvan die Minister van oordeel is dat 'n grondslag nie vasgestel kan word nie en wat hy van tyd tot tyd instel: Met dien verstande dat die raad van 'n technikon ten opsigte van die betrokke technikon van tyd tot tyd die poste kan instel wat die Minister van tyd tot tyd aanwys]** word deur die raad bepaal op 'n grondslag deur die Minister goedgekeur: Met dien verstande dat die uitgawe verbonde aan die handhawing van sodanige diensstaat nie die bedrag van die subsidies wat ingevolge artikel 25 vir hierdie doel betaal word, tesame met gelde ingevolge artikel 8 (10) *(a)* van studente ontvang en deur die raad vir genoemde doel aangewend, mag oorskry nie.";

*(b)* deur die voorbehoudsbepaling by subartikel (2) deur die volgende voorbehoudsbepaling te vervang:

„Met dien verstande dat die aanstelling van die lede van die doserende en administratiewe personeel wat die Minister ten opsigte van 'n besondere technikon bepaal, aan sy goedkeuring onderhewig is."; en

*(c)* deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

„(3) *(a)* Die diensvoorwaardes (met inbegrip van die voorwaardes en omstandighede waaronder sodanige persone verplig kan word om lede te word en te bly van 'n mediese bystandskema of 'n mediese hulpskema) en verlofvoorregte van persone in diens by 'n technikon word by regulasie voorgeskryf en die **[salarisse]** salarisskale en toelaes van sodanige persone wat in voltydse diens is, word deur die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal.

*(b)* Die diensvoorwaardes, verlofvoorregte **[en salarisse]**, salarisskale en toelaes kan verskillend wees ten opsigte van verskillende technikons."; en

*(d)* deur in paragraaf *(a)* van subartikel (4) die woorde wat die voorbehoudsbepaling voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

„Vanaf die datum waarop iemand ingevolge artikel **[4 (2) *(c)*]** 4 (1) *(b)* of 5 (2) *(d)* 'n werknemer van 'n technikon word, word sy diensvoorwaardes, verlofvoorregte en salarisskaal en toelaes deur die bepalings van hierdie artikel gereël **[en word sy salaris aangepas op die kerf wat die Minister bepaal op die salarisskaal wat op sy pos toepaslik is]**:".

Wysiging van artikel 11 van Wet 40 van 1967, soos gewysig deur artikel 10 van Wet 43 van 1979.

**9.** Artikel 11 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

„(2) Ondanks andersluidende wetsbepalings, maar behoudens die bepalings van subartikels (3) en (4), behou iemand wat ingevolge artikel **[4 (2) *(c)*]** 4 (1) *(b)* of 5 (2) *(d)* 'n werknemer van 'n technikon word al die regte en voorregte wat hy verkry het en bly hy onderhewig aan al die verpligtings wat hy vir pensioendoeleindes opgeloop het kragtens 'n pensioenwet waaraan hy onderworpe was, op die dag wat die datum waarop hy so 'n werknemer word, onmiddellik voorafgegaan het, en sodanige wet (met inbegrip van 'n wysiging daarvan wat na die inwerkingtreding van hierdie Wet aangebring word) hou vir sodanige doeleindes aan om ten opsigte van hom van toepassing te wees.".

Vervanging van artikel 12 van Wet 40 van 1967, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 43 van 1979.

**10.** Artikel 12 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Inskrywing as student aan 'n technikon.

**12.** (1) Niemand word behalwe vir 'n studiekursus ten opsigte waarvan 'n subsidie nie kragtens artikel 25 betaal kan word nie, as 'n student aan 'n technikon ingeskryf om in artikel 2 (2) *(a)* bedoelde onderwys of opleiding te ontvang nie, tensy hy—

*(a)* die matrikulasiesertifikaat uitgereik deur die in artikel 15 van die Wet op Universiteite, 1955 (Wet No. 61 van 1955), bedoelde Matrikulasieraad, die Nasionale Senior Sertifikaat **[die Transvaalse Middelbare Skool Sertifikaat, die Kaapse Senior Sertifikaat, die Vrystaatse Skooleindsertifikaat of die Natalse Senior Sertifikaat]** of 'n ander sertifikaat wat deur genoemde Matrikulasieraad as gelykstaande met genoemde matrikulasiesertifikaat of Nasionale Senior Sertifikaat beskou word, verwerf het; of

*(b)* 'n kwalifikasie, hetsy van 'n akademiese of praktiese aard, verwerf het wat die **[Minister]** komitee van hoofde as 'n kwalifikasie erken het wat iemand op sodanige inskrywing geregtig maak.

(2) *(a)* Op aanbeveling van die komitee van hoofde kan 'n raad van 'n bepaalde technikon 'n eksamen waarin 'n student aan daardie technikon by 'n ander technikon geslaag het, erken ter verwerwing van 'n sertifikaat of diploma deur genoemde student by eersgenoemde technikon.

*(b)* Die raad van 'n technikon kan met die instemming van sy akademiese raad 'n eksamen wat na die oordeel van die raad gelykwaardig is met die ooreenstemmende eksamen deur die raad vereis en waarin geslaag is deur iemand aan 'n ander opvoedkundige inrigting wat deur die raad as gelykstaande met 'n technikon beskou word, erken vir die doeleindes van so iemand se verwerwing van 'n sertifikaat of diploma aan die technikon.

(3) Die raad van 'n technikon kan sonder om enige redes aan te voer, die toelating van iemand as 'n student tot die technikon weier indien die raad dit in die belang van die technikon ag om dit te doen.".

Wysiging van artikel 13 van Wet 40 van 1967, soos gewysig deur artikel 12 van Wet 43 van 1979.

**11.** (1) Artikel 13 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) **['n Raad]** Die raad van 'n technikon mag nie sonder die voorafgaande skriftelike goedkeuring van die Minister 'n **[departement]** skool, of 'n studiekursus ten opsigte waarvan 'n subsidie kragtens artikel 25 aan die technikon betaal kan word, instel nie."; en

(*b*) deur die volgende subartikel by te voeg:

„(3) Die sillabus van 'n kursus kragtens subartikel (1) ingestel, word deur die raad met die goedkeuring van die Minister bepaal.".

(2) 'n Departement wat by 'n technikon ooreenkomstig die bepalings van artikel 13 van die Hoofwet voor die inwerkingtreding van hierdie artikel ingestel is en by genoemde inwerkingtreding bestaan, word geag 'n skool te wees wat ooreenkomstig die bepalings van genoemde artikel 13 ingestel is.

Vervanging van artikel 14 van Wet 40 van 1967, soos gewysig deur artikel 13 van Wet 43 van 1979.

**12.** Artikel 14 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Voertale.

**14.** Die voertale aan 'n technikon is Afrikaans en Engels, en die omstandighede waaronder onderrig deur middel van die een of die ander moet of kan geskied, word deur die raad in oorleg met die Minister bepaal, en wel op so 'n wyse dat, indien die bedrewenheid van die doserende personeel in die gebruik van dié twee tale en die getal betrokke studente **[of leerlinge]** dit toelaat, die twee tale sover doenlik op gelyke grondslag vir dié doel gebruik word.".

Vervanging van artikel 15 van Wet 40 van 1967, soos gewysig deur artikel 13 van Wet 43 van 1979.

**13.** Artikel 15 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Ondersoek by 'n technikon.

**15.** Die Minister kan te eniger tyd 'n **[inspeksie]** ondersoek by 'n technikon gelas **[laat uitvoer met betrekking tot enige aangeleentheid rakende—**
**(*a*) die administrasie en tug;**
**(*b*) die toelating van studente en leerlinge en die onderwys en opleiding wat verskaf word;**
**(*c*) die behoefte aan personeel;**
**(*d*) die uitrusting, voorrade en finansies,**
**en in die algemeen]** met betrekking tot die **[ander]** aangeleenthede wat **[die Minister]** hy dienstig ag.".

Vervanging van artikel 16 van Wet 40 van 1967, soos gewysig deur artikel 13 van Wet 43 van 1979.

**14.** Artikel 16 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Afneem van eksamens en uitreiking van sertifikate en diplomas.

**16.** (1) Behoudens enige ander wetsbepaling, reik geen technikon 'n sertifikaat of diploma uit wat aandui dat iemand aan sodanige technikon 'n eksamen met goeie gevolg afgelê het of 'n kursus van onderwys of opleiding voltooi het nie, tensy die sertifikaat of diploma deur die Minister erken en by die Direkteur-generaal as 'n erkende sertifikaat of diploma geregistreer is.

(2) Die Minister kan, ondanks die bepalings van artikel 13 van die Wet op Onderwysdienste, 1967 (Wet No. 41 van 1967), 'n bepaalde technikon by kennisgewing in die *Staatskoerant* magtig om vanaf 'n vermelde datum 'n eksamen af te neem ten opsigte van 'n studiekursus in artikel 13 (1) van hierdie Wet vermeld.

(3) Vanaf sodanige datum is die Minister ontdoen van die bevoegdheid kragtens artikel 13 van die Wet op Onderwysdienste, 1967, om so 'n eksamen af te neem, maar kan hy 'n sertifikaat of diploma wat aandui dat iemand so 'n eksamen met goeie gevolg afgelê het, uitreik.

(4) Vanaf genoemde datum kan die raad van die betrokke technikon—

(*a*) eksaminatore, moderatore en ander persone aanstel om die bekwaamheid van 'n kandidaat vir 'n eksamen in subartikel (2) bedoel, vas te stel;

(b) reëls uitvaardig—

(i) betreffende die voorwaardes of vereistes waaraan 'n kandidaat moet voldoen ten einde te kwalifiseer vir inskrywing vir so 'n eksamen en die omstandighede waaronder bedoelde inskrywing geweier of gerojeer kan word;

(ii) betreffende die afneem van 'n eksamen in subartikel (2) bedoel, met inbegrip van die aanstelling, besoldiging, tug, gedrag, bevoegdhede en pligte van eksaminatore, moderatore, opsieners en ander persone wie se dienste in verband daarmee nodig is, die inskrywing van kandidate vir so 'n eksamen, die gedrag en tug van kandidate terwyl hulle so 'n eksamen aflê of hul bekwaamheid ingevolge paragraaf (a) vasgestel word, en ander aangeleenthede in verband met die afneem van so 'n eksamen;

(iii) behoudens die bepalings van artikel 8 (10), betreffende die gelde betaalbaar—

(aa) deur 'n kandidaat in verband met die vasstelling van sy bekwaamheid ingevolge paragraaf (a), en so 'n eksamen afgeneem;

(bb) aan eksaminatore en moderatore en ander persone in verband met sodanige vasstelling en die afneem van sodanige eksamens.

(5) 'n Reël kragtens subartikel (4) (b) (ii) moet voorsiening maak vir 'n bykomende eksaminator en moderator, wat nie in die diens van die betrokke technikon mag wees nie, by die afneem van 'n eksamen in subartikel (2) bedoel ten opsigte van die finale jaar van 'n studiekursus.

(6) 'n Reël kragtens subartikel (4) uitgevaardig, word aan die persone op wie dit betrekking het, bekend gemaak op die wyse wat die betrokke raad bepaal.

(7) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* 'n kennisgewing in subartikel (2) vermeld vanaf 'n vermelde datum intrek, en daarop word enigiets wat deur die raad voor die inwerkingtreding van bedoelde intrekking gedoen is, geag deur die Minister kragtens artikel 13 van die Wet op Onderwysdienste, 1967, gedoen te gewees het.

(8) Iemand wat in verband met 'n eksamen in subartikel (2) bedoel—

(a) op 'n korrupte wyse 'n geskenk of vergoeding gee of toestem of aanbied om dit te gee aan iemand anders, of op korrupte wyse van iemand anders 'n geskenk of vergoeding aanneem of verkry of toestem om dit aan te neem of poog om dit te verkry vir homself of vir iemand anders, as aansporing of beloning vir die verrigting van 'n handeling wat bereken is om vir of aan iemand 'n onregverdige voordeel te verkry of te verleen;

(b) 'n handeling verrig wat bereken is om vir of aan iemand 'n onregverdige voordeel te verkry of te verleen; of

(c) 'n reël met betrekking tot sodanige eksamen oortree of versuim om daaraan te voldoen,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R1 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 12 maande.

(9) (a) Indien 'n kandidaat in die loop van 'n eksamen in subartikel (2) bedoel of by die plek waar so 'n eksamen afgeneem word 'n reël in verband

met dié eksamen oortree of versuim om daaraan te voldoen, of, met betrekking tot bedoelde eksamen, strydig met so 'n reël enige hulp ontvang of poog om dit te ontvang, of uit 'n ongemagtigde bron of op 'n ongemagtigde wyse hulp verkry of poog om dit te verkry, kan 'n opsiener wat diens doen by die plek waar die eksamen afgeneem word, na gelang van die omstandighede—

(i) die kandidaat uit daardie plek uitsit;

(ii) die kandidaat se eksamenskrifte in beslag neem; of

(iii) die kandidaat toelaat om met die eksamen voort te gaan,

en moet hy 'n volledige verslag oor die aangeleentheid aan die hoof van die betrokke technikon voorlê.

*(b)* Genoemde hoof kan 'n kandidaat bedoel in paragraaf *(a)* of iemand wat aan 'n oortreding van subartikel (8) skuldig bevind is, toelating tot 'n eksamen in subartikel (2) bedoel, weier vir die tydperk wat die hoof bepaal, of gelas dat enige sukses in 'n vak waarmee dié kandidaat of so iemand by die betrokke eksamen gekrediteer is, ingetrek word of sy eksamenskrif ten opsigte van die betrokke vak verwerp, of twee of meer van bedoelde stappe doen.

*(c)* Die Direkteur-generaal kan—

(i) te eniger tyd na die intrekking van enige sukses ingevolge paragraaf *(b)*, enige sertifikaat of diploma wat aan die betrokke persoon uitgereik is op grond van 'n sukses bedoel in paragraaf *(b)*, rojeer;

(ii) die persoon aan wie die sertifikaat of diploma bedoel in subparagraaf (i) uitgereik is, by skriftelike kennisgewing aansê om dié sertifikaat of diploma binne drie weke na bedoelde kennisgewing aan hom vir rojering terug te besorg.

(10) Iemand wat versuim om aan 'n kennisgewing bedoel in subartikel (9)*(c)*(ii) te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R500 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.".

Vervanging van artikel 17 van Wet 40 van 1967, soos gewysig deur artikel 13 van Wet 43 van 1979.

**15.** Artikel 17 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Tug. **17.** 'n Student **[of leerling]** aan 'n technikon is onderworpe aan die tugbepalings wat by reëls deur die raad uitgevaardig, voorgeskryf word.".

Wysiging van artikel 25 van Wet 40 van 1967, soos gewysig deur artikel 15 van Wet 43 van 1979.

**16.** Artikel 25 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikels by te voeg, terwyl die bestaande artikel subartikel (1) word:

„(2) Voorwaardes wat deur die Minister kragtens subartikel (1) bepaal word, kan voorwaardes insluit onderworpe waaraan persone van 'n ander in die voorwaardes vermelde bevolkingsgroep of bevolkingsgroepe as dié waaruit die studentegemeenskap van 'n betrokke technikon op die datum van inwerkingtreding van artikel 16 van die Wysigingswet op Gevorderde Tegniese Onderwys, 1983, hoofsaaklik bestaan, ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet, op enige tydstip as studente van so 'n technikon, of as studente vir 'n aldus vermelde studierigting of studierigtings aan so 'n technikon, ingeskryf mag word, met inbegrip van sodanige voorwaardes waarin 'n grondslag aangegee word vir die berekening van 'n getal persone van 'n daarin vermelde bevolkingsgroep of bevolkingsgroepe wat op enige tydstip as studente van 'n betrokke technikon, of as studente vir 'n aldus

vermelde studierigting of studierigtings aan so 'n technikon ingeskryf mag word, en voorwaardes waarin 'n verbod geplaas word op die inskrywing van persone van 'n daarin vermelde bevolkingsgroep of bevolkingsgroepe as studente vir 'n aldus vermelde studierigting of studierigtings aan so 'n technikon.

(3) Verskillende voorwaardes kan kragtens hierdie artikel—

*(a)* ten opsigte van verskillende technikons;

*(b)* in die geval van 'n bepaalde technikon;

(i) ten opsigte van verskillende in subartikel (2) beoogde grondslae, en verskillende bevolkingsgroepe; en

(ii) ten opsigte van verskillende studierigtings,

bepaal word.

(4) Die Minister kan 'n voorwaarde kragtens hierdie artikel bepaal te eniger tyd wysig of intrek.".

**Vervanging van artikel 28 van Wet 40 van 1967, soos vervang deur artikel 16 van Wet 43 van 1979.**

**17.** Artikel 28 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Komitee van Technikonhoofde.

**28.** (1) Daar is 'n komitee, bekend as die Komitee van Technikonhoofde, wat bestaan uit—

*(a)* die hoof (of rektor, na gelang van die geval) van elke technikon; en

*(b)* in 'n raadgewende hoedanigheid, hoogstens twee bykomende lede wat die raad van elke technikon van tyd tot tyd kan aanstel.

(2) Indien die pos van hoof by 'n technikon vakant is, kan die betrokke raad iemand anders aanwys om hom op enige vergadering van die komitee van hoofde te verteenwoordig.

(3) Indien so 'n hoof nie in staat is om 'n vergadering van die komitee van hoofde by te woon nie, kan hy 'n lid van die personeel van sy technikon benoem om hom op so 'n vergadering te verteenwoordig.

(4) Die komitee van hoofde moet op die plek en tyd wat hy bepaal minstens twee keer per jaar vergader ooreenkomstig die prosedure wat hy bepaal.

(5) *(a)* Die komitee van hoofde kan onderkomitees wat uit lede van dié komitee of uit lede van dié komitee sowel as ander persone bestaan, aanstel om hom by die verrigting van sy werksaamhede by te staan.

*(b)* Die voorsitter van so 'n onderkomitee word deur die komitee van hoofde uit sy eie lede aangewys.".

**Invoeging van artikels 28A en 28B in Wet 40 van 1967.**

**18.** Die volgende artikels word hierby na artikel 28 in die Hoofwet ingevoeg:

„Werksaamhede van komitee van hoofde.

**28A.** Die komitee van hoofde moet—

*(a)* enige werksaamheid aan hom deur hierdie Wet of 'n regulasie opgedra, verrig;

*(b)* oorweging skenk aan, en aan die Minister aanbevelings doen insake, enige aangeleentheid wat bedoelde komitee as van gemeenskaplike belang vir die technikons beskou of wat deur die Minister of deur die Direkteur-generaal na hom verwys word; en

*(c)* die jaarlikse bedrag bepaal wat elke raad tot die algemene uitgawes van die komitee moet bydra.

Misdrywe en strawwe.

**28B.** Iemand wat—

*(a)* nie 'n technikon is nie of sonder die magtiging van 'n technikon of die Direkteur-generaal—

(i) op enige wyse bekend maak of aan iemand anders voorgee dat hy of iemand anders 'n studiekursus of 'n deel daarvan kan aanbied waarvan die inhoud of standaard soortgelyk is aan die inhoud of standaard van 'n studie-

kursus wat aan 'n technikon aangebied word, of wat die persoon wat so 'n kursus of deel daarvan gevolg het, geregtig sal maak op die verlening van 'n sertifikaat of diploma wat deur 'n technikon verleen kan word; of

(ii) 'n sertifikaat of diploma toeken wat voorgee om 'n sertifikaat of diploma deur 'n technikon verleen, te wees;

*(b)* sonder die magtiging van 'n technikon, 'n handeling verrig wat oënskynlik deur of namens 'n technikon verrig is; of

*(c)* 'n inrigting wat nie 'n technikon is nie, instel of bestuur onder 'n naam wat die woord ,technikon' insluit,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R500 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.".

Vervanging van artikel 29 van Wet 40 van 1967, soos vervang deur artikel 2 van Wet 11 van 1981.

**19.** Artikel 29 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Delegering van regte, pligte, bevoegdhede, magte en werksaamhede.

**29.** Die Minister kan aan die Direkteur-generaal of aan 'n ander senior beampte van die Departement van Nasionale Opvoeding of aan 'n raad enige of al die regte, pligte, bevoegdhede, magte en werksaamhede wat die voorbehoudsbepaling by artikel 3, **[artikel 10 (1)]** die voorbehoudsbepaling by artikel 10 (2), **[artikel 10 (3) (vir sover dit betrekking het op die bepaling van salarisse)]**, artikel 10 (4), **[artikel 12 *(b)*]** artikel 13 (1), artikel 15 en artikel 16 (1) aan hom verleen, hom oplê of aan hom toevertrou, delegeer.".

Wysiging van artikel 30 van Wet 40 van 1967.

**20.** Artikel 30 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woord „en" na paragraaf *(a)* te skrap, en die volgende paragraaf na paragraaf *(a)* in te voeg, terwyl die bestaande paragraaf *(b)* paragraaf *(c)* word:

„*(b)* die reëling deur rade van aangeleenthede met betrekking tot hul sake en werksaamhede; en".

Vervanging van artikel 31 van Wet 40 van 1967, soos gewysig deur artikel 18 van Wet 43 van 1979.

**21.** Artikel 31 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Vakatures raak nie bevoegdhede van 'n technikon of sy raad of akademiese raad nie.

**31.** 'n Vakature in die amp van hoof of 'n tekort in die ledetal van die raad of die **[studieraad]** akademiese raad van 'n technikon maak nie inbreuk op en raak nie die regspersoonlikheid van die technikon of enige bevoegdhede, regte of voorregte by hierdie Wet aan die technikon, sy raad of sy **[studieraad]** akademiese raad verleen nie.".

Vervanging van artikel 32 van Wet 40 van 1967.

**22.** Artikel 32 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Kort titel.

**32.** Hierdie Wet heet die Wet op Technikons (Nasionale Opvoeding), 1967.".

Kort titel en inwerkingtreding.

**23.** (1) Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Gevorderde Tegniese Onderwys, 1983, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

(2) Verskillende datums kan kragtens subartikel (1) ten opsigte van verskillende bepalings van hierdie Wet bepaal word.

# WET OP GEVORDERDE TEGNIESE ONDERWYS NO. 40 VAN 1967

[GOEDGEKEUR OP 22 MAART 1967] [DATUM VAN INVOERING: 1 JANUARIE 1968]

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken)*

**soos gewysig by**

Wysigingswet op Onderwyswette, No. 69 van 1973
Onteieningswet, No. 63 van 1975
[met ingang van 1 Januarie 1977 — sien titel GROND.]
Wysigingswet op Gevorderde Tegniese Onderwys, No. 43 van 1979
Finansiewet, No. 21 van 1980
[met ingang van 31 Maart 1980—sien titel FINANSIES]
Wysigingswet op Kultuur- en Onderwyswette, No. 11 van 1981
[met ingang van 25 Februarie 1981—sien titel KULTURELE INSTELLINGS]

---

## WET

**Om voorsiening te maak vir die instelling van technikons, vir hul beheer, administrasie en bestuur en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**
[Lang titel vervang by a. 19 van Wet No. 43 van 1979.]

**1. Woordomskrywing.**—Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Wet—

**„Direkteur-generaal"** die Direkteur-generaal: Nasionale Opvoeding;
[Omskrywing van „Direkteur-generaal" ingevoeg by a. 1 (*a*) van Wet No. 11 van 1981.]

**„gevorderde tegniese onderwys"** hoër onderwys binne die bedoeling van artikel 17 van die Konsolidasie- en Wysigingswet op Finansiële Verhoudings, 1945 (Wet No. 38 van 1945), deur die Minister goedgekeur;

**„hoof"** die hoof of direkteur, na gelang van die geval, van 'n technikon aangestel kragtens artikel 7 (1) en ook 'n waarnemende hoof aangestel kragtens artikel 7 (3);
[Omskrywing van „hoof" gewysig by a. 1 (*b*) van Wet No. 43 van 1979.]

**„kollege"** ......
[Omskrywing van „kollege" geskrap by a. 1 (*a*) van Wet No. 43 van 1979.]

**„Minister"** die Minister van Nasionale Opvoeding;
[Omskrywing van „Minister" vervang by a. 3 (*a*) van Wet No. 69 van 1973.]

**„plaaslike bestuur"** 'n instelling of liggaam wat in artikel 84 (1) (*f*) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet No. 32 van 1961), beoog word;

**„raad"** die in artikel 8 bedoelde raad van 'n technikon;
[Omskrywing van „raad" gewysig by a. 1 (*b*) van Wet No. 43 van 1979.]

**„regulasie"** 'n regulasie wat kragtens hierdie Wet uitgevaardig en van krag is;

**„Sekretaris"** ......
[Omskrywing van „Sekretaris" vervang by a. 3 (*b*) van Wet No. 69 van 1973 en geskrap by a. 1 (*b*) van Wet No. 11 van 1981.]

**„studieraad"** die in artikel 9 bedoelde studieraad van 'n technikon;
[Omskrywing van „studieraad" gewysig by a. 1 (*b*) van Wet No. 43 van 1979.]

**„technikon"** 'n inrigting vir gevorderde tegniese onderwys wat kragtens hierdie Wet ingestel is of geag word ingestel te wees.
[Omskrywing van „technikon" ingevoeg by a. 1 (*c*) van Wet No. 43 van 1979.]

**2. Instelling en werksaamhede van technikons.**—(1) Die Staatspresident kan by proklamasie in die *Staatskoerant* op enige plek 'n technikon instel.
[Sub-a. (1) vervang by a. 2 (*a*) van Wet No. 43 van 1979.]

(2) Die werksaamhede van 'n technikon is—

(*a*) om—

(i) die gevorderde tegniese onderwys en opleiding en die onderwyseropleiding; en

(ii) in die geval van studente wat nie meer kragtens 'n wetsbepaling verplig is om 'n skool by te woon nie, op 'n deeltydse grondslag die sekondêre en ander onderwys,

wat die Minister bepaal, te verskaf; en

(*b*) om, indien hy die opvolger is van een van die in artikel 4 genoemde Tegniese Kolleges of van 'n in artikel 5 bedoelde Staatsondersteunde beroepskool of voortsettingklas, vir die tydperk wat die Minister gelas, aan voltydse leerlinge die beroepsonderwys, soos in die Wet op Beroepsonderwys, 1955 (Wet No. 70 van 1955), omskryf, te verskaf wat onmiddellik voor die datum waarop sodanige technikon tot stand gekom het deur sodanige Tegniese Kollege, Staatsondersteunde beroepskool of voortsettingsklas verskaf was.

[Sub-a. (2) gewysig by a. 2 (*b*) van Wet No. 43 van 1979. Par. (*b*) gewysig by a. 2 (*c*) van Wet No. 43 van 1979.]

(3) 'n Leerling wat ingevolge die een of ander wetsbepaling verplig is om 'n skool by te woon en wat 'n technikon gereeld op 'n voltydse grondslag bywoon, word geag aan al die vereistes met betrekking tot skoolplig te voldoen.

[Sub-a. (3) gewysig by a. 2 (*d*) van Wet No. 43 van 1979.]

**2A. Onderrig en opleiding van onderwysers vir sekondêre skole in samewerking met sekere technikons.**—(1) Ondanks andersluidende wetsbepalings kan, onderworpe aan reëling tussen die raad van 'n technikon wat die Minister van tyd tot tyd by kennisgewing in die *Staatskoerant* aanwys en die raad van 'n universiteit, aan studente aan daardie universiteit toegang tot die aldus aangewese technikon verleen word vir die doeleindes van en in verband met die opleiding van daardie studente as onderwysers vir sekondêre skole in die vakke wat die Minister van tyd tot tyd by kennisgewing in die *Staatskoerant* aanwys.

[Sub-a. (1) gewysig by a. 3 van Wet No. 43 van 1979.]

(2) Ondanks andersluidende wetsbepalings kan die raad van 'n technikon wat die Minister van tyd tot tyd by kennisgewing in die *Staatskoerant* aanwys, by ooreenkoms met die raad van 'n universiteit 'n lid van die personeel van die aldus aangewese technikon deeltyds aan bedoelde universiteit beskikbaar stel ten einde in verband met die onderrig en opleiding van studente aan daardie universiteit as onderwysers vir sekondêre skole in dié vakke wat die Minister van tyd tot tyd by kennisgewing in die *Staatskoerant* aanwys, hulp te verleen.

[A. 2A ingevoeg by a. 4 (1) van Wet No. 69 van 1973. Sub-a. (2) gewysig by a. 3 van Wet No. 43 van 1979.]

**3. Status en vermoënsregtelike bevoegdheid van 'n technikon.**—'n technikon is 'n regspersoon, kan in sy naam as eiser en verweerder in regte optree en, behoudens die bepalings van hierdie Wet, roerende en onroerende goed koop of op 'n ander wyse verkry, besit, huur, verhuur, verkoop, verruil of op 'n ander wyse vervreem, of 'n saaklike reg of serwituut op sy goed aan iemand verleen, en geld belê, uitleen en leen: Met dien verstande dat geen technikon sonder die goedkeuring van die Minister sy onroerende goed mag verhuur vir 'n tydperk van langer as een jaar, verkoop, verruil of op 'n ander wyse vervreem of aan iemand 'n saaklike reg of serwituut daarop verleen of geld uitleen of leen nie.

[A. 3 gewysig by a. 3 van Wet No. 43 van 1979.]

**4. Sekere kolleges word geag technikons wat kragtens hierdie Wet ingestel is, te wees.**—(1) Vanaf die datum van inwerkingtreding van die Wysigingswet op Gevorderde Tegniese Onderwys, 1979—

(*a*) word die kolleges vir gevorderde tegniese onderwys wat bekend staan as die—

(i) Kaapse Tegniese Kollege;

(ii) Pretoriase Tegniese Kollege;
(iii) Natalse Tegniese Kollege;
(iv) Witwatersrandse Tegniese Kollege;
(v) Vaaldriehoekse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys;
(vi) Port Elizabethse Kollege vir Gevorderde Tegniese Onderwys,

geag technikons te wees wat kragtens hierdie Wet ingestel is en heet hulle, onderskeidelik, die—

(i) Kaapse Technikon;
(ii) Pretoriase Technikon;
(iii) Natalse Technikon;
(iv) Witwatersrandse Technikon;
(v) Vaaldriehoekse Technikon;
(vi) Port Elizabethse Technikon;

(*b*) word elke persoon wat onmiddellik voor bedoelde datum in diens van die raad van enige van genoemde kolleges was 'n werknemer van die raad van die betrokke technikon;

(*c*) gaan alle goed, roerend of onroerend, wat onmiddellik voor bedoelde datum aan die raad van een van die kolleges behoort het, sonder betaling van hereregte, seëlregte of ander gelde oor op en behoort dit aan die betrokke technikon, met behoud van enige las waarmee dit beswaar is: Met dien verstande dat alle geld wat onmiddellik voor bedoelde datum aan die betrokke kollege behoort het uit hoofde van 'n trust, skenking of bemaking, deur die betrokke technikon ooreenkomstig die voorwaardes van die trust, skenking of bemaking gebruik moet word;

(*d*) neem 'n technikon alle wettige skulde en verpligtings van die raad van die kollege waarvan hy die opvolger is, oor en is hy daarvoor aanspreeklik, met behoud van alle wettige voorwaardes waarop daardie skulde en verpligtings aangegaan is.

(2) 'n Registrateur van aktes moet op die skriftelike versoek van 'n technikon die naam wat aan daardie technikon deur subartikel (1) toegewys is, in die plek stel van 'n vorige naam van daardie technikon wat voorkom in enige titelbewys, dokument of oorkonde wat in die betrokke registrasiekantoor geregistreer is of bewaar word.

(3) 'n Verwysing in 'n wet of dokument na 'n kollege vir gevorderde tegniese onderwys of na die raad van sodanige kollege word geag 'n verwysing na onderskeidelik 'n technikon of die raad van die technikon te wees.

[A. 4 vervang by a. 4 van Wet No. 43 van 1979.]

**5. Sekere inrigtings en klasse kan tot technikons verklaar word.**—(1) Die Staatspresident kan by proklamasie in die *Staatskoerant* 'n inrigting wat kragtens artikel 6 (1) van die Wet op Beroepsonderwys, 1955 (Wet No. 70 van 1955), as 'n Staatsondersteunde beroepskool erken is of 'n klas wat kragtens artikel 9 van daardie Wet as 'n voortsettingsklas erken is, tot 'n technikon verklaar, met ingang van 'n datum in die proklamasie bepaal en onder die benaming daarin vermeld: Met dien verstande dat geen sodanige verklaring gedoen word ten opsigte van 'n universiteit of universiteitskollege wat by of ingevolge 'n wet van die Parlement ingestel is of ten opsigte van 'n klas wat deur so 'n universiteit of kollege bestuur word nie.

[Sub-a. (1) gewysig by a. 5 (*a*) van Wet No. 43 van 1979.]

(2) Vanaf die datum in die in subartikel (1) bedoelde proklamasie bepaal—

(*a*) word die in daardie proklamasie vermelde Staatsondersteunde beroepskool of voortsettingsklas geag 'n technikon wat kragtens hierdie Wet ingestel is, te wees;

[Par. (*a*) gewysig by a. 5 (*b*) van Wet No. 43 van 1979.]

(*b*) hou die bepalings van die Wet op Beroepsonderwys, 1955, op om ten opsigte van sodanige skool of klas van toepassing te wees;

(*c*) berus daar nie langer enige regte, pligte, bevoegdhede, magte of werksaamhede ten opsigte van sodanige skool of klas by die bestuursliggaam van sodanige skool of klas nie;

(*d*) word elke persoon wat onmiddellik voor bedoelde datum by sodanige skool of klas in diens was 'n werknemer van die betrokke technikon en is hy onderworpe aan die bepalings van hierdie Wet.

[Par. (*d*) gewysig by a. 5 (*b*) van Wet No. 43 van 1979.]

(3) (*a*) Indien 'n technikon in die proklamasie kragtens subartikel (1) wat dit as sodanig verklaar, vermeld word as die opvolger van die in daardie proklamasie vermelde Staatsondersteunde beroepskool of voortsettingsklas, gaan alle goed, roerend of onroerend, wat onmiddellik voor die in daardie proklamasie bepaalde datum aan die betrokke bestuursliggaam behoort het, of wat, indien hierdie Wet nie aangeneem was nie aan daardie bestuursliggaam sou toegekom of behoort het, sonder betaling van hereregte, seëlregte of ander gelde, oor op en behoort aan daardie technikon, met behoud van enige las waarmee dit beswaar is: Met dien verstande dat alle gelde wat onmiddellik voor bedoelde datum aan die betrokke bestuursliggaam behoort het uit hoofde van 'n trust, skenking of bemaking, deur bedoelde technikon ooreenkomstig die voorwaardes van die trust, skenking of bemaking gebruik word.

[Par. (*a*) gewysig by a. 5 (*c*) van Wet No. 43 van 1979.]

(*b*) Bedoelde technikon neem alle wettige skulde en verpligtings van die bestuursliggaam ten opsigte van die betrokke Staatsondersteunde beroepskool of voortsettingsklas oor en is daarvoor aanspreeklik, met behoud van alle wettige voorwaardes waarop daardie skulde en verpligtings aangegaan is.

[Par. (*b*) gewysig by a. 5 (*c*) van Wet No. 43 van 1979.]

6. **Samestelling van 'n technikon.**—'n Technikon bestaan uit—

(*a*) die hoof van die technikon;

[Par. (*a*) gewysig by a. 6 van Wet No. 43 van 1979.]

(*b*) 'n raad;

(*c*) 'n studieraad; en

(*d*) die personeel en studente van die technikon.

[A. 6 gewysig by a. 6 van Wet No. 43 van 1979. Par. (*d*) gewysig by a. 6 van Wet No. 43 van 1979.]

7. **Hoof van 'n technikon.**—(1) Die hoof van 'n technikon word, onderworpe aan die goedkeuring van die Minister, deur die raad aangestel op die wyse by regulasie voorgeskryf.

[Sub-a. (1) gewysig by a. 7 (*a*) van Wet No. 43 van 1979.]

(2) Iemand wat onmiddellik voor die datum vanaf wanneer 'n kollege vir gevorderde tegniese onderwys, Staatsondersteunde beroepskool, of voortsettingsklas ingevolge artikel 4 (1) of 5 (2) (*a*) geag word 'n technikon wat kragtens hierdie Wet ingestel is, te wees, die hoof of direkteur van sodanige kollege vir gevorderde tegniese onderwys, skool of klas was, word geag ingevolge subartikel (1) van hierdie artikel as hoof van die betrokke technikon aangestel te gewees het.

[Sub-a. (2) vervang by a. 7 (*b*) van Wet No. 43 van 1979.]

(3) (*a*) Wanneer die amp van hoof vakant raak of die hoof om enige rede nie in staat is om as sodanig diens te doen nie, kan die raad een van die lede van die doserende personeel van die technikon as waarnemende hoof van die technikon aanwys.

[Par. (*a*) gewysig by a. 7 (*c*) van Wet No. 43 van 1979.]

(*b*) Die waarnemende hoof oefen al die hoof se bevoegdhede uit, verrig al sy werksaamhede en voer al sy pligte uit.

8. **Raad van 'n technikon.**—(1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet, berus die bestuur en uitvoerende mag van 'n technikon by sy raad, wat bestaan uit—

(*a*) die hoof van die technikon;

[Par. (*a*) gewysig by a. 8 (*a*) van Wet No. 43 van 1979.]

(*b*) een of twee persone, soos die Minister van tyd tot tyd bepaal, gekies, op die wyse by regulasie voorgeskryf, deur plaaslike besture wat, volgens 'n regulasie, donateurs is uit hoofde van skenkings deur hulle aan die technikon gedoen;

[Par. (*b*) gewysig by a. 8 (*a*) van Wet No. 43 van 1979.]

(*c*) een of twee persone, soos die Minister van tyd tot tyd bepaal, gekies, op die wyse by regulasie voorgeskryf, deur persone (uitgesonderd plaaslike besture) wat, volgens 'n regulasie, donateurs is uit hoofde van skenkings deur hulle aan die technikon gedoen;

[Par. (*c*) gewysig by a. 8 (*a*) van Wet No. 43 van 1979.]

(*d*) een persoon aangestel deur elke plaaslike bestuur of ander liggaam wat die Minister vir verteenwoordiging in die raad nomineer;

(*e*) die persone wat die Minister, behoudens die bepalings van subartikel (3), aanstel; en

(*f*) een persoon gekies, op die wyse by regulasie voorgeskryf, deur die oud-studente van die technikon (met inbegrip van oud-studente van die betrokke kollege vir gevorderde tegniese onderwys of van die Staatsondersteunde beroepskool of die voortsettingsklas waarvan die technikon die opvolger is) wat by regulasie bepaal word, wanneer die getal sodanige studente een keer die getal van honderd gereik het.

[Sub-a. (1) gewysig by a. 8 (*a*) van Wet No. 43 van 1979. Par. (*f*) vervang by a. 8 (*b*) van Wet No. 43 van 1979.]

(2) Die raad bestaan uit minstens vyftien en hoogstens dertig lede.

(3) Die lede van die raad wat kragtens subartikel (1) (*e*) deur die Minister aangestel word, is nie minder as die ander lede van die raad nie.

(4) (*a*) 'n Lid van die raad, behalwe die hoof, beklee sy amp, behoudens die bepalings van subartikel (5), vir 'n termyn van vier jaar, tensy hy voor die verstryking van dié termyn, sy bedanking skriftelik by die raad indien of sy amp ontruim om 'n ander rede by regulasie voorgeskryf.

(*b*) Iemand wie se ampstermyn as lid van die raad verstryk het, kan weer aangestel of gekies word.

(5) 'n Toevallige vakature in die raad wat veroorsaak word deur die dood van of die ontruiming van sy amp deur 'n lid word, met inagneming van die bepalings van subartikel (1), gevul vir die onverstreke gedeelte van die ampstermyn van die lid.

(6) Die raad kies 'n voorsitter en ondervoorsitter van die raad uit sy lede en indien nòg die voorsitter nòg die ondervoorsitter op 'n vergadering van die raad teenwoordig is, kies die aanwesige lede iemand uit hul midde om op daardie vergadering voor te sit.

(7) Vergaderings van die raad word gehou op die tye en plekke wat die raad bepaal, en die kworum vir en prosedure op 'n vergadering word by regulasie voorgeskryf.

(8) Die raad beheer die eiendom van die technikon en oefen, behoudens die bepalings van hierdie Wet, beheer oor die technikon en al sy sake en werksaamhede uit.

[Sub-a. (8) gewysig by a. 8 (*c*) van Wet No. 43 van 1979.]

9. **Studieraad van 'n technikon.**—(1) Die studieraad van 'n technikon bestaan uit—

(*a*) die hoof, wat voorsitter van die studieraad is;

(*b*) twee ander lede van die raad deur die raad aangewys, wat hul amp beklee solank dit die raad behaag; en

(*c*) die lede van die doserende personeel van die technikon wat die raad van tyd tot tyd bepaal.

[Sub-a. (1) gewysig by a. 9 van Wet No. 43 van 1979. Par. (*c*) gewysig by a. 9 van Wet No. 43 van 1979.]

(2) Die studieraad van 'n technikon—

(*a*) oefen die bevoegdhede van organisasie van en beheer oor die onderrig en tug van die studente en leerlinge aan die technikon uit wat die raad aan hom toewys;

[Par. (*a*) gewysig by a. 9 van Wet No. 43 van 1979.]

(*b*) dien die raad van advies met betrekking tot 'n aangeleentheid wat die raad na die studieraad vir sy advies verwys; en

(*c*) kan die aanbevelings betreffende akademiese aangeleenthede van belang vir die technikon wat hy dienstig ag, aan die raad doen.

[Sub-a. (2) gewysig by a. 9 van Wet No. 43 van 1979. Par. (*c*) gewysig by a. 9 van Wet No. 43 van 1979.]

**10. Aanstelling van personeel en diensvoorwaardes, salarisse en verlofvoorregte van personeellede.**—(1) Die diensstaat by 'n technikon bestaan uit—

(*a*) die poste ten opsigte waarvan die Minister van tyd tot tyd 'n grondslag vasstel; en

(*b*) die ander poste ten opsigte waarvan die Minister van oordeel is dat 'n grondslag nie vasgestel kan word nie en wat hy van tyd tot tyd instel: Met dien verstande dat die raad van 'n technikon ten opsigte van die betrokke technikon van tyd tot tyd die poste kan instel wat die Minister van tyd tot tyd aanwys.

[Sub-a. (1) vervang by a. 5 (*a*) van Wet No. 69 van 1973 en gewysig by a. 9 van Wet No. 43 van 1979. Par. (*b*) gewysig by a. 9 van Wet No. 43 van 1979.]

(2) Die lede van die doserende, administratiewe en klerklike personeel en die ander werknemers van 'n technikon word deur sy raad aangestel: Met dien verstande dat die aanstelling van die lede van die doserende en administratiewe personeel wat die Minister bepaal, aan sy goedkeuring onderhewig is.

[Sub-a. (2) gewysig by a. 9 van Wet No. 43 van 1979.]

(2A) Niemand word kragtens die bepalings van subartikel (2) vas aangestel nie, hetsy op proef al dan nie, tensy so iemand voldoen aan die vereistes wat by regulasie voorgeskryf word.

[Sub-a. (2A) ingevoeg by a. 5 (*b*) van Wet No. 69 van 1973.]

(3) (*a*) Die diensvoorwaardes (met inbegrip van die voorwaardes en omstandighede waaronder sodanige persone verplig kan word om lede te word en te bly van 'n mediese bystandskema of 'n mediese hulpskema) en verlofvoorregte van persone in diens by 'n technikon word by regulasie voorgeskryf en die salarisse, salarisskale en toelaes van sodanige persone word deur die Minister, in oorleg met die Minister van Finansies, bepaal.

[Par. (*a*) vervang by a. 5 (*c*) van Wet No. 69 van 1973 en gewysig by a. 9 van Wet No. 43 van 1979.]

(*b*) Die diensvoorwaardes, verlofvoorregte en salarisse, salarisskale en toelaes kan verskillend wees ten opsigte van verskillende technikons.

[Par. (*b*) gewysig by a. 9 van Wet No. 43 van 1979.]

(4) (*a*) Vanaf die datum waarop iemand ingevolge artikel 4 (2) (*c*) of 5 (2) (*d*) 'n werknemer van 'n technikon word, word sy diensvoorwaardes, verlofvoorregte en salarisskaal en toelaes deur die bepalings van hierdie artikel gereël en word sy salaris aangepas op die kerf wat die Minister bepaal op die salarisskaal wat op sy pos toepaslik is: Met dien verstande dat, behoudens die bepalings van hierdie Wet, die salaris of salarisskaal waarteen of waarvolgens hy onmiddellik voor sodanige datum besoldig was en die verdienste anders as salaris, of die geldelike ekwivalent van sodanige verdienste, waarop hy onmiddellik voor sodanige datum geregtig was en ten opsigte waarvan hy moes bydra tot 'n pensioen- of voorsorgfonds waarvan hy ingevolge 'n pensioenwet onmiddellik voor sodanige datum 'n lid was, nie sonder sy toestemming in totaal verminder mag word nie.

[Par. (*a*) gewysig by a. 9 van Wet No. 43 van 1979.]

(*b*) Ondanks andersluidende wetsbepalings, is 'n verdienste wat ingevolge die voorbehoudsbepaling by paragraaf (*a*) vir 'n werknemer behou word vir die doeleindes van 'n pensioenwet wat op hom van toepassing is, pensioengewend.

**11. Pensioenregte en uitdienstredingsvoordele.**—(1) 'n Technikon is vir die doeleindes van die Wet op die Pensioenfonds vir Geassosieerde Inrigtings, 1963 (Wet No. 41 van 1963), 'n geassosieerde inrigting en word vir sodanige doeleindes geag ingevolge artikel 4 van daardie Wet tot so 'n inrigting verklaar te gewees het vanaf die datum waarop hy ingevolge artikel 2 (1) ingestel word of, na gelang van die geval, die datum vanaf wanneer hy ingevolge artikel 4 (1) of 5 (2) geag word 'n technikon wat kragtens hierdie Wet ingestel is, te wees.

[Sub-a. (1) gewysig by a. 10 (*a*) en (*b*) van Wet No. 43 van 1979.]

(2) Ondanks andersluidende wetsbepalings, maar behoudens die bepalings van subartikels (3) en (4), behou iemand wat ingevolge artikel 4 (2) (*c*) of 5 (2) (*d*) 'n werknemer van 'n technikon word al die regte en voorregte wat hy verkry het en bly hy onderhewig aan al die verpligtings wat hy vir pensioendoeleindes opgeloop het kragtens 'n pensioenwet waaraan hy onderworpe was, op die dag wat die datum waarop hy so 'n werknemer word, onmiddellik voorafgegaan het en sodanige wet (met inbegrip van 'n wysiging daarvan wat na die inwerkingtreding van hierdie Wet aangebring word) hou vir sodanige doeleindes aan om ten opsigte van hom van toepassing te wees.

[Sub-a. (2) gewysig by a. 10 (*b*) van Wet No. 43 van 1979.]

(3) By die toepassing van subartikel (2) en van die regulasies wat die kragtens artikel 19 van die „Hoger Onderwijs Wet, 1923" (Wet No. 30 van 1923), ingestelde voorsorgfonds en pensioenskema beheer, word 'n technikon geag 'n tegniese kollege te wees en word 'n raad geag 'n raad soos in daardie regulasies omskryf, te wees.

[Sub-a. (3) vervang by a. 10 (*c*) van Wet No. 43 van 1979.]

(4) Niks in subartikel (2) vervat, word so uitgelê nie dat dit iemand op wie daardie subartikel van toepassing is, sou verhoed om 'n lid te word van die ingevolge die Wet op die Pensioenfonds vir Geassosieerde Inrigtings, 1963, ingestelde pensioenfonds, ooreenkomstig die bepalings van die kragtens daardie Wet uitgevaardigde regulasies, indien hy 'n lid is van die kragtens artikel 19 van die „Hoger Onderwijs Wet, 1923" ingestelde voorsorgfonds en pensioenskema of 'n bydraer is tot 'n in artikel 2 (1), (2) of (3) van die Regeringsdienspensioenwet, 1965 (Wet No. 62 van 1965), bedoelde fonds.

**12. Inskrywing as student aan 'n technikon.**—Niemand word as 'n student aan 'n technikon ingeskryf om in artikel 2 (2) (*a*) (i) bedoelde onderwys of opleiding te ontvang nie, tensy hy—

(*a*) die matrikulasiesertifikaat uitgereik deur die in artikel 15 van die Wet op Universiteite, 1955 (Wet No. 61 van 1955), bedoelde Matrikulasieraad, die Nasionale Senior Sertifikaat, die Transvaalse Middelbare Skool Sertifikaat, die Kaapse Senior Sertifikaat, die Vrystaatse Skooleindsertifikaat of die Natalse Senior Sertifikaat verwerf het; of

(*b*) 'n kwalifikasie, hetsy van 'n akademiese of praktiese aard, verwerf het wat die Minister as 'n kwalifikasie erken het wat iemand op sodanige inskrywing geregtig maak.

[A. 12 gewysig by a. 11 van Wet No. 43 van 1979.]

**13. Minister se goedkeuring in sekere gevalle vereis.**—(1) 'n Raad mag nie sonder die voorafgaande skriftelike goedkeuring van die Minister 'n departement of studiekursus instel nie.

(2) 'n Departement of studiekursus wat wettiglik by 'n kollege vir gevorderde tegniese onderwys, Staatsondersteundesberoepskool, of voortsettingsklas ingestel is voor die datum vanaf wanneer hy ingevolge artikel 4 (1) or 5 (2) (*a*) geag word 'n technikon wat kragtens hierdie Wet ingestel is, te wees en wat op daardie datum bestaan, word geag ooreenkomstig die bepalings van hierdie artikel ingestel te gewees het.

[Sub-a. (2) vervang by a. 12 van Wet No. 43 van 1979.]

**14. Voertale.**—Die voertale aan 'n technikon is Afrikaans en Engels, en die omstandighede waaronder onderrig deur middel van die een of die ander moet of kan geskied, word deur die raad in oorleg met die Minister bepaal, en wel op so 'n wyse dat, indien die

bedrewenheid van die doserende personeel in die gebruik van dié twee tale en die getal betrokke studente of leerlinge dit toelaat, die twee tale sover doenlik op gelyke grondslag vir dié doel gebruik word.

[A. 14 gewysig by a. 13 van Wet No. 43 van 1979.]

15. **Inspeksie van 'n technikon.**—Die Minister kan te eniger tyd 'n inspeksie by 'n technikon laat uitvoer met betrekking tot enige aangeleentheid rakende—

(*a*) die administrasie en tug;

(*b*) die toelating van studente en leerlinge en die onderwys en opleiding wat verskaf word;

(*c*) die behoefte aan personeel;

(*d*) die uitrusting, voorrade en finansies,

en in die algemeen, met betrekking tot die ander aangeleenthede wat die Minister dienstig ag.

[A. 15 gewysig by a. 13 van Wet No. 43 van 1979.]

16. **Erkenning en registrasie van sertifikate en diplomas.**—Behoudens enige ander wetsbepaling, reik geen technikon 'n sertifikaat of diploma uit wat aandui dat iemand aan sodanige technikon 'n eksamen met goeie gevolg afgelê het of 'n kursus van onderwys of opleiding voltooi het nie, tensy die sertifikaat of diploma deur die Minister erken en by die Direkteur-generaal as 'n erkende sertifikaat of diploma geregistreer is.

[A. 16 gewysig by a. 13 van Wet No. 43 van 1979.]

17. **Tug.**—'n Student of leerling aan 'n technikon is onderworpe aan die tugbepalings wat by reëls deur die raad uitgevaardig, voorgeskryf word.

[A. 17 gewysig by a. 13 van Wet No. 43 van 1979.]

18. ......

[A. 18 gewysig by a. 13 van Wet No. 43 van 1979 en herroep by a. 3 (1) van Wet No. 21 van 1980.]

19. **Doeleindes waarvoor lenings aan technikons toegestaan kan word uit gelde deur die Parlement bewillig.**—Behoudens die bepalings van hierdie Wet, kan die Minister, in oorleg met die Minister van Finansies, uit gelde deur die Parlement vir dié doel bewillig, aan 'n technikon lenings toestaan vir—

(*a*) die oprigting van geboue en die aankoop en aanlê van los en vaste toebehore van 'n permanente aard;

(*b*) die verkryging van grond (met inbegrip van grond waarop 'n gebou opgerig is) of regte op of belange in grond en die bestryding van onkoste in verband met opmeting en transport;

(*c*) die betaling van kapitaaluitgawes bestee aan die omheining en verbetering van grond wat aan die technikon behoort;

[Par. (*c*) gewysig by a. 14 (*a*) van Wet No. 43 van 1979.]

(*d*) die aankoop van roerende goed van 'n kapitale aard; en

(*e*) die terugbetaling van 'n lening (behalwe 'n lening uit gelde deur die Parlement vir die doel bewillig) wettiglik aangegaan vir 'n doel in een van die voorafgaande paragrawe vermeld deur die technikon, of, waar die betrokke technikon die opvolger is van 'n kollege vir gevorderde tegniese onderwys of van 'n in artikel 5 bedoelde Staatsondersteunde beroepskool of voortsettingsklas, deur die raad of bestuursliggaam van sodanige kollege vir gevorderde tegniese onderwys, skool of klas.

[A. 19 gewysig by a. 14 (*a*) van Wet No. 43 van 1979. Par. (*e*) vervang by a. 14 (*b*) van Wet No. 43 van 1979.]

20. **Aansoeke om lenings.**—(1) Elke aansoek om 'n lening kragtens artikel 19 moet skriftelik aan die Direkteur-generaal gerig word en moet die doel en oogmerk van die voorgestelde lening duidelik vermeld.

(2) By ontvangs van so 'n aansoek kan die Direkteur-generaal die begrotings, planne, spesifikasies, verslae, opgawes en ander inligting aanvra en die inspeksies laat uitvoer, wat hy nodig ag om te bepaal of die voorgestelde lening wel toegestaan behoort te word.

21. **Voorwaardes van lenings.**—(1) Elke kragtens artikel 19 toegestane lening is onderworpe aan die voorwaardes wat deur die Tesourie voorgeskryf word.

(2) Elke sodanige lening tesame met die daarop verskuldigde rente, maak, behoudens enige vroeëre las of verhipotekering, 'n las uit op al die goed, roerend of onroerend, huidig of toekomstig, van die betrokke technikon: Met dien verstande dat die Minister, in oorleg met die Minister van Finansies, te eniger tyd skriftelik onder sy handtekening afstand kan doen van 'n reg van voorkeur kragtens hierdie subartikel ten gunste van die houer van 'n verband oor sodanige goed, indien hy oortuig is dat die waarde van die goed voldoende is om die bedrag van die lening wat nie terugbetaal is nie en die bedrag deur die verband gesekureer, te dek.

[Sub-a. (2) gewysig by a. 15 van Wet No. 43 van 1979.]

(3) Die tydperk waarbinne so 'n lening en die rente daarop terugbetaal moet word, moet deur die Tesourie bepaal word voordat die lening toegestaan word, maar die Tesourie kan van tyd tot tyd so 'n tydperk verleng: Met dien verstande dat elke sodanige lening tesame met die rente daarop terugbetaal word binne veertig jaar vanaf die datum waarop die eerste terugbetaling ingevolge artikel 22 verskuldig is of binne die totaal van bedoelde periode tesame met enige in daardie artikel bedoelde opskortingstermyn.

22. **Terugbetaling van lenings.**—(1) Die technikon waaraan 'n lening kragtens artikel 19 toegestaan is, betaal op die eerste dag van Januarie en op die eerste dag van Julie in elke jaar aan die Tesourie een helfte van die jaarlikse bedrag vereis om die hoofsom wat voorgeskiet is, af te los, tesame met rente daarop teen die koers wat die Tesourie bepaal, en die bedrae aldus betaalbaar bly betaalbaar totdat al die geld wat van tyd tot tyd geleen is, tesame met die rente daarop, terugbetaal is.

[Sub-a. (1) gewysig by a. 15 van Wet No. 43 van 1979.]

(2) Die eerste betaling moet geskied op die datum (wat nie later is nie as drie jaar nadat die lening of die eerste paaiement daarvan betaal is) wat die Tesourie bepaal: Met dien verstande dat gedurende die termyn wat verloop tussen die datum waarop die eerste paaiement betaal is en die in hierdie artikel bedoelde datum, rente teen voormelde koers per jaar op so 'n paaiement deur die technikon aan die Tesourie betaalbaar is: Met dien verstande voorts dat die Tesourie van tyd tot tyd so 'n jaarlikse betaling ter aflossing van die hoofsomme wat voorgeskiet is onder buitengewone omstandighede ten opsigte van 'n bepaalde jaar kan opskort.

[Sub-a. (2) gewysig by a. 15 van Wet No. 43 van 1979.]

23. ......

[A. 23 herroep by a. 95 van Wet No. 63 van 1975.]

24. **Skenkings deur plaaslike besture aan technikons.**—Ondanks andersluidende wetsbepalings, kan 'n plaaslike bestuur, onderworpe aan die goedkeuring van die uitvoerende komitee van die betrokke Provinsie, grond, geld of ander roerende goed aan 'n technikon skenk.

[A. 24 gewysig by a. 15 van Wet No. 43 van 1979.]

25. **Subsidies aan technikons.**—Die Minister kan, in oorleg met die Minister van Finansies, uit gelde deur die Parlement vir dié doel bewillig, subsidies aan technikons betaal vir die doeleindes en op die grondslag en onderworpe aan die voorwaardes wat ten opsigte van elke technikon deur die Minister bepaal word en met behoorlike inagneming van die behoeftes van elke technikon in verhouding tot die algemene behoeftes van hoër onderwys in die Republiek.

[A. 25 gewysig by a. 15 van Wet No. 43 van 1979.]

26. **Aantekenings wat gehou en inligting wat verstrek moet word deur 'n raad.**—(1) Elke raad moet juiste aantekenings van al sy verrigtings laat hou en behoorlik laat boek-

hou van alle gelde deur of ten behoewe van sy technikon ontvang en uitbetaal, en moet een keer elke jaar en op die tyd en wyse by regulasie voorgeskryf, 'n verslag van sy verrigtings en van die bestuur van die technikon, tesame met 'n behoorlik geouditeerde staat van inkomste en uitgawe en 'n balansstaat, ten opsigte van die voorafgaande jaar aan die Minister deurstuur, en moet die Minister bowendien voorsien van enige verdere inligting deur hom vereis insake die beheer en finansies van die technikon.

[Sub-a. (1) gewysig by a. 15 van Wet No. 43 van 1979.]

(2) Sodanige verslag, staat en balansstaat moet deur die Minister so gou doenlik na ontvangs in die Senaat en in die Volksraad ter Tafel gelê word indien die Parlement dan in gewone sessie is of, indien die Parlement nie dan in gewone sessie is nie, so gou doenlik na die aanvang van sy eersvolgende gewone sessie.

**27. Optrede by versuim van raad om te voldoen aan enige voorwaardes onderworpe waaraan subsidie betaal is.**—(1) Indien 'n raad in gebreke bly om te voldoen aan 'n voorwaarde onderworpe waaraan 'n subsidie kragtens artikel 25 aan sy technikon betaal is uit gelde deur die Parlement bewillig, kan die Minister daardie raad aansê om binne 'n vasgestelde tydperk aan bedoelde voorwaarde te voldoen.

[Sub-a. (1) gewysig by a. 15 van Wet No. 43 van 1979.]

(2) Indien daardie raad daarna in gebreke bly om aan bedoelde voorwaarde te voldoen, kan die Minister, ondanks andersluidende wetsbepalings, die subsidie wat deur die Parlement ten opsigte van die betrokke technikon bewillig is of 'n gedeelte daarvan agterhou: Met dien verstande dat in elke geval waar die subsidie deur die Parlement bewillig, of 'n gedeelte daarvan, deur die Minister agtergehou is, hy oor die aangeleentheid, tesame met sy redes waarom hy betaling aldus agterhou, binne veertien dae nadat hy die betrokke technikon kennis gegee het van sy voorneme om betaling aldus agter te hou aan die Parlement verslag moet doen indien die Parlement dan in gewone sessie is of, indien die Parlement nie dan in gewone sessie is nie, binne veertien dae na die aanvang van sy eersvolgende gewone sessie.

[Sub-a. (2) gewysig by a. 15 van Wet No. 43 van 1979.]

**28. Vereniging van Kolleges vir Gevorderde Tegniese Onderwys of 'n vereniging gestig om sy plek in te neem, dien Minister van advies.**—Die Vereniging van Kolleges vir Gevorderde Tegniese Onderwys of 'n vereniging deur die technikons gestig om die plek van sodanige Vereniging in te neem—

(*a*) moet die Minister van advies dien omtrent die aangeleenthede betreffende die technikons wat die Minister na hom verwys; en

(*b*) kan die Minister van advies dien omtrent enige ander aangeleentheid van gemeenskaplike belang vir die technikons waaromtrent bedoelde vereniging dit nodig ag om die Minister van advies te dien.

[A. 28 vervang by a. 16 van Wet No. 43 van 1979.]

**29. Delegering van regte, pligte, bevoegdhede, magte en werksaamhede.**—Die Minister kan aan die Direkteur-generaal of aan 'n ander senior beampte van die Departement van Nasionale Opvoeding enige of al die regte, pligte, bevoegdhede, magte en werksaamhede wat die voorbehoudsbepaling by artikel 3, artikel 10 (1), die voorbehoudsbepaling by artikel 10 (2), artikel 10 (3) (vir sover dit betrekking het op die bepaling van salarisse), artikel 10 (4), artikel 12 (*b*), artikel 13 (1), artikel 15 en artikel 16 aan hom verleen, hom oplê of aan hom toevertrou, delegeer.

[A. 29 vervang by a. 17 van Wet No. 43 van 1979 en by a. 2 van Wet No. 11 van 1981.]

**30. Regulasies.**—Die Minister kan regulasies uitvaardig betreffende—

(*a*) 'n aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf moet of kan word; en

(*b*) in die algemeen, alle aangeleenthede wat hy nodig of dienstig ag om voor te skryf ten einde die oogmerke van hierdie Wet te verwesenlik.

**31. Vakatures raak nie bevoegdhede van 'n technikon of sy raad of studieraad nie.**—'n Vakature in die amp van hoof of 'n tekort in die ledetal van die raad of die studieraad van 'n technikon maak nie inbreuk op en raak nie die regspersoonlikheid van die technikon of enige bevoegdhede, regte of voorregte by hierdie Wet aan die technikon, sy raad of sy studieraad verleen nie.

[A. 31 gewysig by a. 18 van Wet No. 43 van 1979.]

**32. Kort titel en inwerkingtreding.**—Hierdie Wet heet die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, 1967, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

# WYSIGINGSWET OP GEVORDERDE TEGNIESE ONDERWYS NO. 43 VAN 1979

[GOEDGEKEUR OP 1 MEI 1979] [DATUM VAN INVOERING: 9 MEI 1979]

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken*)

## WET

**Tot wysiging van die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, 1967, ten einde vir die instelling van technikons voorsiening te maak; die woorde „kollege vir gevorderde tegniese onderwys" deur die woord „technikon" te vervang; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

**1.** Wysig artikel 1 van die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, No. 40 van 1967, as volg:—paragraaf (*a*) skrap die omskrywing van „kollege"; paragraaf (*b*) vervang die woord „kollege", oral waar dit voorkom, deur die woord „technikon"; en paragraaf (*c*) voeg die omskrywing van „technikon" in.

**2.** Wysig artikel 2 van die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, No. 40 van 1967, as volg:— paragraaf (*a*) vervang subartikel (1); paragraaf (*b*) vervang in subartikel (2) die woorde wat paragraaf (*a*) voorafgaan; paragraaf (*c*) vervang in subartikel (2) (*b*) die woorde „sodanige kollege" deur die woorde „sodanige technikon"; en paragraaf (*d*) vervang in subartikel (3) die woord „kollege" deur die woord „technikon".

**3.** Wysig artikels 2A en 3 van die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, No. 40 van 1967, deur die woord „kollege", oral waar die voorkom, deur die woord „technikon" te vervang.

**4.** Vervang artikel 4 van die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, No. 40 van 1967.

**5.** Wysig artikel 5 van die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, No. 40 van 1967, as volg:—paragraaf (*a*) vervang in subartikel (1) die woorde „kollege vir gevorderde tegniese onderwys" deur die woord „technikon"; paragraaf (*b*) vervang in subartikel (2) (*a*) die woorde „kollege vir gevorderde tegniese onderwys" deur die woord „technikon" en vervang in subartikel (2) (*d*) die woord „kollege" deur die woord „technikon"; en paragraaf (*c*) vervang in subartikel (3) (*a*) die woorde „kollege vir gevorderde tegniese onderwys" deur die woord „technikon" en vervang in subartikel (3) die woord „kollege", oral waar dit voorkom, deur die woord „technikon".

**6.** Wysig artikel 6 van die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, No. 40 van 1967, deur die woord „kollege", oral waar dit voorkom, deur die woord „technikon" te vervang.

**7.** Wysig artikel 7 van die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, No. 40 van 1967, as volg:—paragraaf (*a*) vervang in subartikel (1) die woord „kollege" deur die woord „technikon"; paragraaf (*b*) vervang subartikel (2); en paragraaf (*c*) vervang in subartikel (3) (*a*) die woord „kollege", oral waar dit voorkom, deur die woord „technikon".

**8.** Wysig artikel 8 van die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, No. 40 van 1967, as volg:—paragraaf (*a*) vervang in subartikel (1), behalwe in paragraaf (*f*) daarvan, die woord „kollege", oral waar dit voorkom, deur die woord „technikon"; paragraaf (*b*) vervang subartikel (1) (*f*); en paragraaf (*c*) vervang in subartikel (8) die woord „kollege", oral waar dit voorkom, deur die woord „technikon".

**9.** Wysig artikels 9 en 10 van die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, No. 40 van 1967, deur die woord „kollege", oral waar dit voorkom, deur die woord „technikon" te vervang.

**10.** Wysig artikel 11 van die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, No. 40 van 1967, as volg:—paragraaf (*a*) vervang in subartikel (1) die woorde „kollege vir gevorderde tegniese onderwys" deur die woord „technikon"; paragraaf (*b*) vervang in subartikels (1) en (2) die woord „kollege", oral waar dit voorkom, deur die woord „technikon"; en paragraaf (*c*) vervang subartikel (3).

**11.** Wysig artikel 12 van die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, No. 40 van 1967, deur die woord „kollege" deur die woord „technikon" te vervang.

**12.** Wysig artikel 13 van die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, No. 40 van 1967, deur subartikel (2) te vervang.

**13.** Wysig artikels 14, 15, 16, 17 en 18 van die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, No. 40 van 1967, deur die woord „kollege", oral waar dit voorkom, deur die woord „technikon" te vervang.

**14.** Wysig artikel 19 van die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, No. 40 van 1967, as volg:—paragraaf (*a*) vervang die woord „kollege", oral waar dit voorkom, behalwe in paragraaf (*e*) daarvan, deur die woord „technikon"; en paragraaf (*b*) vervang paragraaf (*e*).

**15.** Wysig artikels 21, 22, 24, 25, 26 en 27 van die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, No. 40 van 1967, deur die woorde „kollege" en „kolleges", oral waar hulle voorkom, deur onderskeidelik die woorde „technikon" en „technikons" te vervang.

**16 en 17.** Vervang onderskeidelik artikels 28 en 29 van die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, No. 40 van 1967.

**18.** Wysig artikel 31 van die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, No. 40 van 1967, deur die woord „kollege", oral waar dit voorkom, deur die woord „technikon" te vervang.


**19.** Vervang die lang titel van die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, No. 40 van 1967.

**20. Kort titel.**—Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Gevorderde Tegniese Onderwys, 1979.

APEX COMPANY Chart of factory cost accounts

| | Department: Element | 2410 Factory Manager | 2420 Machine Shop | 2430 Assembly |
|---|---|---|---|---|
| 01 | Direct materials | 2410.01 | 2420.01 | 2430.01 |
| 02 | Direct labor | 2410.02 | 2420.02 | 2430.02 |
| 11 | Supervision | 2410.11 | 2420.11 | 2430.11 |
| 12 | Labor—travel time | 2410.12 | 2420.12 | 2430.12 |
| 13 | Labor—idle time | 2410.13 | 2420.13 | 2430.13 |
| 14 | Labor—clerical | 2410.14 | 2420.14 | 2430.14 |
| 15 | Labor—maintenance | 2410.15 | 2420.15 | 2430.15 |
| 21 | Overtime premium | 2410.21 | 2420.21 | 2430.21 |
| 22 | Vacation and holiday pay | 2410.22 | 2420.22 | 2430.22 |
| 23 | Payroll taxes | 2410.23 | 2420.23 | 2430.23 |
| 24 | Pensions | 2410.24 | 2420.24 | 2430.24 |
| 31 | Travel allowances | 2410.31 | 2420.31 | 2430.31 |
| 51 | Tools | 2410.51 | 2420.51 | 2430.51 |
| 52 | Supplies | 2410.52 | 2420.52 | 2430.52 |
| 53 | Equipment rental | 2410.53 | 2420.53 | 2430.53 |
| 54 | Depreciation | 2410.54 | 2420.54 | 2430.54 |
| 61 | Insurance | 2410.61 | 2420.61 | 2430.61 |
| 71 | Other | 2410.71 | 2420.71 | 2430.71 |

APEX COMPANY Partial organization chart and organizational account codes



BYLAE 6



TECHNIKON

AANSOEK OM AANBIEDING VAN DEELTYDSE KURSUSSE:

1. NAAM VAN KURSUS: ____________________________________________

| | | |
|---|---|---|
| 2. DUUR VAN KURSUS: | | -- |
| 2.1 Vanaf .............. Tot ............... | | |
| Aantal weke | | -- |
| Aantal ure per week | | -- |
| 2.2 Totale Ure | | -- |
| 2.3 Voorgestelde besoldiging van deeltydse lektor(e)* minimum R18,89 | | -- |
| 2.4 TOTALE DIREKTE SALARISKOSTE | | R |
| 3. ANDER DIREKTE KOSTES: | | |
| 3.1 Spesiale drukwerk d.w.s. pamflette, notas ens. | | |
| 3.2 Posgeld | | |
| 3.3 Advertensies (Besonderhede hierby aangeheg asb) | | |
| 3.4 Verbruikbare materiaal | | |
| 3.5 Ander kostes (Spesifiseer) .................. ........................................... | | |
| 3.6 TOTALE ANDER DIREKTE KOSTES: | | R |
| 4. TOTALE DIREKTE KOSTE, D.W.S 2,4 EN 3,6 | | R |
| 5. ADMINISTRATIEWE KOSTE: 30% VAN 4 | | |
| 5.1 1/3 Technikon admin. koste R .......... | | |
| 5.2 1/3 Skool trustfonds R .......... | | |
| 5.3 1/3 Sentrale Navorsingsfonds R .......... | | R |
| TOTALE KOSTE | | R |
| 6. 6.1 Minimum aantal studente | | -- |
| 6.2 Voorgestelde fooi per student | | -- |
| 6.3 BERAAMDE MINIMUM INKOMSTE: | | R |
| 7. BERAAMDE OORSKOT | | |
| 7.1 50% Sentrale navorsingsfonds R ........... | | |
| 7.2 50% Skool trustfonds R ........... | | R |
| 8. BERAAMDE TEKORT | | |
| 8.1 Vanaf Skool trustfonds oorgeplaas | | R |
| | | R |

.........................
ASSISTENT-DIREKTEUR

..........................
ADJUNK-DIREKTEUR

* Die minimum tarief d.w.s. R18,89 mag slegs oorskry word as buitelektore

## VERSLAG OOR DIE AANBIEDING VAN 'n KORT KURSUS

1. SKOOL

   ..................................................

2. NAAM VAN KURSUS

   ..................................................

3. SAMEROEPER/ORGANISEERDER VAN KURSUS

   ..................................................

4. DATUM VAN AANVANGS VAN KURSUS

   ..................................................

5. TOELATINGSVEREISTES

   ..................................................

6. NAAM VAN ORGANISASIE WAT KURSUS VERLANG (INDIEN ENIGE)

   ..................................................

7. DOEL VAN KURSUS

   ..................................................

   ..................................................

8. DUUR VAN AANBIEDING VAN KURSUS

   ..................................................

9. INDIEN IN SAMEWERKING MET ANDER INSTANSIE, MELD NAAM EN ADRES ..................................

   ..................................................

10. AARD VAN AANBIEDING (Bv. Lesingreeks, Seminaar ens)

    ..................................................

11. AANTAL STUDENTE BYGEWOON

    ..................................................

12. TIPE INDUSTRIë WAT BY DIE KURSUS BAAT VIND

    ..................................................

    ..................................................

13. FINANSIëLE STAAT:

    (i) Inkomste:
    - Studentegelde ..........
    - Subsidies (indien enige) ..........
    - Totale Inkomste R________

    (ii) Uitgawe:
    - Admin. koste ..........
    - Lesinggelde (Ure x R) ..........

    Ander:
    - Skryfbehoeftes ..........
    - Onthaal ..........
    - Allerlei ..........
    - Totale Uitgawe R________

    (iii) Balans: Wins/Verlies R________

14. VERSLAG OOR KURSUS:

    (i) Bywoning ..................................

    (ii) Studenteprestasies ..........................

    (iii) Algemeen ..................................

    ..................................................

    ..................................................

15. VERSLAG DEUR ORGANISEERDER/S: ....................

    ..................................................

    ..................................................

16. GAAN ENIGE PUBLIKASIE VOORTVLOEI UIT GENOEMDE KURSUS?

    ..................................................

HANDTEKENING VAN ORGANISEERDER/S

..............................

.............................. DATUM: .........

# TECHNIKON

SKOOL: REKENINGKUNDE EN EDV

| oedgekeurde egroting ir 1983 | Beskrywing | Bylae | Begrotings-limiet vir 1984 | Begrote Uitgawe vir 198 |
|---|---|---|---|---|
| | 1. DIREKTE ONDERRIGUITGAWES | | | |
| 11 000,00 | 1.1 Onderrigmateriaal | | Motiveer | |
| 5 100,00 | 1.2 Apparatuur onder R5 000 - | A | | |
| 1 000,00 | 1.3 Instandhouding van apparatuur onder 1.2 en 1.4 sowel as bestaande toerusting | | | |
| | 1.4 Apparatuur bo R5 000 - | B | | |
| | TOTAAL: | | --- | |
| | 2. BEDRYFSUITGAWES (UITSLUITEND KORTKURSUSSE) | | | |
| 400,00 | 2.1 Drukwerk en Fotokopieë | | | |
| 400,00 | 2.2 Skryfbehoeftes (Kantoorgebruik) | | | |
| 1 500,00 | 2.3 Simposia: | | | |
| | 2.3.1 Registrasiegelde (Slegs personeellede) | | | |
| | 2.3.2 Reis- en Verblyfkoste (Slegs personeellede) | | | |
| | 2.4 Lidmaatskap van Professionele Liggame (Spesifiseer) - | C | | |
| 1 000,00 | 2.5 Spesiale funksies en Onthale (Spesifiseer) - | C | | |
| 200,00 | 2.6 Studente Ekskursies en Simposia: | | | |
| | 2.6.1 Registrasiegelde | | | |
| | 2.6.2 Reis- en Verblyfkoste (wat deur Technikon gedra word) | | | |
| 3 500,00 | TOTAAL: | | 4 000,00 | |
| | 3. KAPITALE UITGAWES | | | |
| 1 802,00 | 3.1 Meublement en Toerusting vir Kantoordoeleindes (Spesifiseer) - | D | Motiveer | |
| 6 350,00 | 3.2 Kleinere Werke (Spesifiseer)- | E | | |
| | TOTAAL: | | --- | |
| | 4. UITSTALLINGS (Spesifiseer) - | C | --- | |

SCHOOL/SKOOL: ...........................................................................

Estimates of Apparatus for / Ramings vir Apparatuur vir 19.....
(Under R5 000,00) (Onder R5 000,00)

| Item No/ Item Nr. | Description/ Beskrywing | Estimated Cost / Beraamde Koste | Motivation for Purchase / Motivering vir Aankope |
|---|---|---|---|
| A.1 | | | |

SCHOOL / SKOOL: ............................................................

Estimates of Apparatus above 5 000,00 for / Ramings vir Apparatuur bo R5 000,00 vir 19....

| Item No/ Item Nr | Description Beskrywing | Estimated Cost / Beraamde Koste | Full Motivation for Purchase / Volledige Motivering vir Aankope |
|---|---|---|---|
| B.1 | | | |

ANNEXURE / BYLAE: 8C

SCHOOL / SKOOL: ..................................................................

| Item No/<br>Item Nr | Special Functions and Entertainment<br>(Description of type of publicity, e.g. awards ceremony, functions, etc)<br><br>Spesiale Funksies en Onthale<br>(Beskrywing van aard van publisiteit bv. oorhandiging, onthale, funksies ens.) | Estimated Cost<br>(e.g. R50,00)<br><br>Finansiële<br>Implikasie<br>(Bv. R50,00) | Motivation /<br>Motivering |
|---|---|---|---|
| C.1 | | | |
| | Membership of Professional Bodies<br>(Professional Body and Position Held)<br><br>Lidmaatskap van Professionele Liggame<br>(Professionele Liggaam and Posisie beklee) | | |
| C.2 | | | |
| | Exhibitions / Uitstallings | | |
| | | | |

SCHOOL / SKOOL: ..............................................................

Estimates of Furniture Expenditure for / Ramings vir Meublement Uitgawes vir 19.....

| Item No/ Item Nr | Description / Beskrywing | Estimated Cost Beraamde Koste | Motivation for Purchase / Motivering vir Aankope |
|---|---|---|---|
| D.1 | | | |

SCHOOL / SKOOL: ......................................................................

Proposed Alterations to Offices, Laboratories, Fixed Equipment, etc. for /
Beoogde Veranderings aan Kantore, Laboratoria, Vaste Toerusting, ens. vir 19....

| Item No / Item Nr | Description / Beskrywing | Estimated Cost / Beraamde Koste | Motivation / Motivering |
|---|---|---|---|
| E.1 | | | |

49626/49627
49626/49628
49626/49627
49626/49630